


Wêreld van Môre

Want die aarde sal vol word met die kennis van die heerlijkheid van die Here soos die waters die seabodem oordek.

Vol. 5, No. 5

Vertalings saamgestel uit vroeër gepubliseerde *Tomorrow's World*-tydskrifte



Persoonlik

Deur Roderick C. Meredith, Hoofredakteur

Satan se aanval op die Bybel

Satan is besig om 'n verwoede aanval op die geldigheid van die Bybel te loods namate die *einde* van hierdie tydvak nader. Die eienaardige roman, *The DaVinci Code*, het aanleiding gegee tot 'n vloedgolf boeke, artikels en rolprente wat in werklikheid die geloofwaardigheid van die Bybel aanval. Indien Satan tallose miljoene mense se geloof in die Bybel kan vernietig, kan hy hulle soveel makliker mislei. Onthou, God beskryf Satan as die een “wat die hele wêreld *verle*” (Openbaring 12:9). Satan wil mense afsny van die einste bron waardeur hulle werklik die groot Plan en Doel kan *verstaan* wat hulle Skepper hier op aarde mee besig is.

Moenie 'n fout maak nie. Die Bybel is God se goddelike openbaring aan Sy potensieële seuns en dogters. Dit onthul die eintlike *doel* van menslike lewe en *hoe* om aan daardie verhewe doel te voldoen. Dit openbaar die geestelike wette wat ons verhoudings met mekaar en met God Self beheer. God het die *hele patroon* van hoe mense moet leef, liefhê, dien en hoe om suksesvol te wees, wonderlik aan ons geopenbaar deur die perfekte voorbeeld van Jesus Christus, God in die vlees. Dit stel ook die voorbeeld van hoe om die ewige lewe te bekom in die komende Koninkryk van God.

'n Baie werklike *Satan* die duiwel wil egter graag ons geloof in die God van die Bybel vernietig. Onlangse artikels oor die “Evangelie

van Judas” – en boeke met *totaal onskriftuurlike* teorieë dat Jesus getroud was en kinders gehad het – verdraai Christus se sending in iets *totaal anders* as wat die Skrif beskryf. Satan wil ons daarvan oortuig dat die Bybel nie getrou bewaar en aan ons as God se geheel-openbaring oorgelewer is nie.

Hoe kan ons dus seker wees?

Die pragtige manier wat *slegs* die Bybel gebruik om die skepping van die aarde – en die geskiedenis en doel van die mensdom – te beskryf, maak dit beslis aan 'n ontvanklike en skrandere persoon duidelik dat 'n Groot Verstand hierdie verklarings geïnspireer het. Die leefwyse wat die Bybel beskryf – die enigste manier wat waarlik “werk” – openbaar ook die goddelike inspirasie daarvan wanneer u dit werklik toepas. Die wonderlike *beloftes* van die Bybel – wat dikwels tot *beantwoorde* gebed ly – wys ook aan die opregte gelowige dat slegs 'n almagtige God die ontsagwekkende Boek, wat ons die Bybel noem, kon inspireer.

Sommige mense sal egter steeds nie deur hierdie bewyse oortuig wees nie. Slegs die Bybel se kragtige en *akkurate profesieë* sal as genoegsame bewys dien om hulle te oortuig van die goddelike inspirasie daarvan – as hulle gewillig is om te leer. Soos die apostel Petrus skryf: “En ons het die profetiese woord wat baie vas is, waarop julle tog moet ag gee soos op 'n lamp wat in 'n donker plek skyn, totdat die dag

aanbreek en die môrester opgaan in julle harte; terwyl julle veral dít moet weet, dat geen profesie van die Skrif 'n saak van eie uitlegging is nie; want geen profesie is ooit deur die wil van 'n mens voortgebring nie, maar, deur die Heilige Gees gedrywe, het die heilige mense van God gespreek" (2 Petrus 1:19-21).

Ja, ons moet die Bybel se "profetiese woord wat baie vas is" in aanmerking neem. Onthou dat *slegs* die God van die Bybel "die toekomstige dinge en wat sal gebeur" (Jesaja 44:7), duidelik openbaar. Deur die profeet Daniël het God ook in die besonder die vier primêre ryke beskryf wat sou verrys en die wêreld in die eeue wat sou volg na die profesie gegee is, sou oorheers. Die *finale vorm* van die Europese Ryk wat *nou* stadig maar seker reg voor ons oë besig is om gestalte aan te neem, is reeds duisende jare tevore deur God geopenbaar! Dit sal 'n kern van *tien nasies* hê – waarvan sommige baie sterker en meer toegewyd as ander sal wees – "omdat u die yster met kleigrond gemeng gesien het" (Daniël 2:41). Let op: "Maar in die dae van dié [finale tien] konings sal die God van die hemel 'n koninkryk verwek wat in ewigheid nie vernietig sal word nie, en die heerskappy daarvan sal aan geen ander volk oorgelaat word nie; dit sal al daardie koninkryke verbrysel en daar 'n einde aan maak, maar self sal dit vir ewig bestaan" (vers 44).

Geskiedkundiges het lank reeds erken dat Daniël 2 en 7 duidelik die vier primêre ryke van die menslike geskiedenis beskryf. Eerstens die **Vervolg op bladsy 28**

Inhoudsopgawe

Voorblad

Persoonlik – Satan se aanval op die Bybel

Dr. Roderick C. Meredith se persoonlike rubriek

Hoofartikel

Bedoel die Bybel werklik wat dit sê? 3

Geskiedkundiges verwerp dikwels die Bybel as bron van akkurate geskiedenis. Teoloë sê dat groot gedeeltes van die Skrif nie meer op Christene betrekking het nie. Wat is die waarheid? Is die Bybel – in geheel – 'n ware en onskatbare gids vir die hedendaagse Christenlewe?

Herbou gelukkige gesinne 8

In 'n wêreld met soveel lyding, is dit al hoe moeiliker om gelukkige gesinne aan te tref. U kom moontlik uit 'n gebroke gesin – of is tans in een. U Bybel onthul noodsaaklike sleutels wat u kan help om die gelukkige gesin wat God vir u beoog het, te bou of te herbou!

Hoe die Bybel u kan help 12

Die Bybel is meer as 'n boek vol geskiedenis en leerstelling. Dit is 'n noodsaaklike hulpmiddel wat u lewe ten beste kan verander – mits u dit verstaan en toepas!

God se beloftes 16

Hoe ver sal u gaan om 'n verborge skat te vind? Baie mense het hul lewens gewaag agter rykdom aan op onwaarskynlike plekke. Het u egter geweet dat God u die grootste van alle skatte belooft? U kan dit in u eie Bybel opspoor!

Waarvoor ons staan 26

U het seker al die uitdrukking gehoor: "As jy vir niks staan nie, val jy vir enigiets." Hierdie artikel sal u 'n kort maar beslisse insig gee in dít waarvoor hierdie Werk staan!

Gereeld

Vrae en Antwoorde 21

Profesie neem gestalte aan 22

Wêreld van Môre – Jeug 24

*In ons volgende uitgawe ...
Noodsaaklike sleutels om
Bybelprofesie te verstaan*

Meer as 'n kwart van u Bybel is profesie. Weet u hoe om sin daaruit te maak? Dié artikel bevat beginsels wat God se Woord en die waarheid rakende u toekoms en dié van die hele wêreld duidelik sal maak!

Wêreld van Môre

Hoofredakteur

Roderick C. Meredith

Redaksionele Direkteur

Richard F. Ames

Uitvoerende Redakteur

William Bowmer

Besturende Redakteur

Gary F. Ehman

Streksredakteurs

Rod McNair (Filippyne)
Bruce Tyler (Australië)
Gerald Weston (Kanada)
Rodney King (Europa)
Rodney King (Suid-Afrika)

Nuusbuuro

June Olsen

Streekkantore

VSA:

P.O. Box 3810
Charlotte, NC 28227-8010
Tel: (704) 844 1970
Faks: (704) 841 2244
www.tomorrowworld.org

AUSTRALIË:

GPO Box 772
Canberra, ACT 2601
Tel: (07) 5546 0472
Faks: (07) 5546 0768

KANADA:

P.O. Box 27202
Toronto, Ontario, M9W 6L0
Tel: (905) 671 3730
Faks: (905) 671 9599

NIEU-SEELAND:

P.O. Box 2767
Auckland, New Zealand
Tel/Faks: (09) 435 3592

FILIPPYNSE EILANDE:

MCPO Box 1774
Makati City 1257, Philippines
Tel: 63 2 813 6538
Faks: 63 2 867 1569

BRITANJE:

P.O. Box 9092
Motherwell, ML1 2YD Scotland
Tel/Faks: 44 1698 263 977

SUID-AFRIKA:

Privaatsak X 3016
Harrismith, FS 9880
Tel: 058 622 1424
Faks: 058 623 1303
www.wvm.co.za

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif het geen tekenprys nie. Die *gratis* verspreiding van hierdie tweemaandelikse tydskrif word moontlik gemaak deur tiendes en offergawes van lidmate van die Lewende Kerk van God, en van ander wat vrywillig medewerkers geword het in die verkondiging van Christus se ware Evangelie aan alle nasies. Bydraes is welkom en word met dank erken.

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif word in Suid-Afrika vertaal, gedruk en uitgegee deur die Lewende Kerk van God.

© Lewende Kerk van God
Alle regte voorbehou

Alle Skrifverwysings is uit die *Ou Vertaling* (1933), tensy anders aangedui (NV, Nuwe Vertaling, 1983).

Bedoel die Bybel werklik wat dit sê?

Deur Roderick C. Meredith

Aanvaar u opreg dat u godsdien uit die Bybel kom? Die meeste Christene glo wel so, maar die waarheid kan u verstom!

Bykans al die leidende Protestante leraars van vervloë geslagte het verkondig dat die Bybel hul “grondslag” was. Bekende Protestante teoloog, William Chillingworth, het gesê: “Die Bybel, die hele Bybel, en niks anders as die Bybel nie, is die godsdien van die Protestante” (Schaff-Herzog, *Encyclopedia of Religious Knowledge*, Berig: “Chillingworth, W.”). In hul gedurige bevestiging van die Skrif as die “geïnspireerde geloofsreël en praktyk” (*ibid.*, Berig: “Bible”), het Protestante leiers hulself daartoe verbind om die godsdien van Jesus Christus en Sy Apostels in alle opsigte te volg.

Hoewel stigtersprotestante hervormer, Martin Luther, die gesag van die Bybel verwerp het wanneer dit hom gepas het, het hy steeds verkondig: “Want dit wat gesê word sonder die gesag van die Skrif of van bewese openbaring, kan as opinie geag word, maar daar is geen verpligting om dit te glo nie” (*Doctrines of the Christian Church*, ed. Bettenson, bl. 280).

Selfs die meeste hedendaagse leraars, nog verder van die waarheid verwyder as Martin Luther, ag hulself as “Bybelgelowige Christene”.

Ek het ook so gedink. Ek het in 'n algemene Protestante kerk grootgeword vir die eerste 19 jaar van my lewe. Ek was per geleentheid leier van my Sondagskoolklas. Albei my ouers het by 'n kerkverwante kollege gegradeer en ons het almal *aangeneem* dat ons inderdaad die Bybel navolg. Uiteindelik het ek egter besef – *met absolute sekerheid* – dat ons geensins die Bybel gevolg het nie, maar eerder die “tradisies van mense” wat oor honderde jare in “kerkedom” ingespuut is. My vroeëre aannames was **verkeerd**.

Dink vir 'n oomblik na oor die *honderde* verskillende “Christelike kerke” met heeltemal verskillende begrippe van God en saligmaking. Volg hulle almal die Bybel? “Ekumeniese” inisiatiewe soos “Evangeliegesindes en Katolieke gesamentlik” probeer maniere vind vir Protestante en Rooms-Katolieke om deel te hê aan praktyke soos die verering van die Maagd Maria en standbeelde van die “heiliges”. Op die ander uiterste verkondig baie liberale leraars nou dat God

die grootskaalse moord van ongebore babas goedkeur. Ons word al hoe meer vertel dat dit aanvaarbaar is vir erkende homoseksuele mense om tot die “Christelike” bediening verorden te word, en dat twee mans (of twee vroue) met mekaar kan trou.

Wat gaan aan?

Glo al hierdie mense opreg dat hulle die Bybel navolg?

Is opregtheid genoeg?

Is opregtheid en ordentlikheid genoeg? In Indië het die meeste mense “Mahatma” Gandhi as 'n goeie en opregte mens beskou. Hy het homself op verskeie wyses verootmoedig en *homself* soms bykans *uitgehonger* ten einde sy medelandsburgers te dryf tot opstand en om onafhanklikheid van Brittanje te eis. Honderde miljoene mense – selfs in die Weste – het hom as 'n “heilige man” beskou. Wanneer 'n mens lees oor alles wat hy gely het en wat hy deurgegaan het, sal min mense aan sy *opregtheid* twyfel. Gandhi was egter 'n Hindoe wat 'n diepe toewyding aan die Hindoegod, Rama, bely en die talle gode van die Hindoegodewêreld vereer het. Sy begrip van God, of hoe om God te aanbid en van die ganse **doel**

van die lewe, was heeltemal verskillend van enigiets wat in die Bybel gevind word.

So ook word die ontslape Rooms-Katolieke non, Moeder Theresa, deur miljoene mense as 'n "heilige" geag. Die meeste mense sal sekerlik sê dat sy 'n "goeie vrou" was. Sy het haarself verootmoedig, ontnem en moeiteloos gewerk vir die armes en verdruktes. Tog het sy daagliks met *algehele opregtheid* tot die Maagd Maria gebid en hierdie gebruik by miljoene van haar volgelinge en aanhangers bevorder.

Jare gelede het twee toegewyde en hoogs opmerksame leraars in die Kerk van God vir my vertel hoe diepgaande hulle gevoel het dat die Thai-Boeddhiste van die vriendelikste, sagmoedigste en mees diensbare mense is wat hulle nog ooit teëgekome het, en *heeltemal opreg*. Tog, wanneer godsdiens- of sektariese geweld losgebars het, sou baie van hierdie selfde "sagmoedige" monnike lang messe uitpluk en hul godsdiens- of politieke teenstanders letterlik "aan stukke kap"!

Verstaan asseblief mooi. Om *opreg*, vriendelik en sagmoedig te wees, is **nie** genoeg nie!

Die ware God van die Bybel sê vir ons: "God is Gees; en die wat Hom aanbid, moet in gees en waarheid aanbid" (Johannes 4:24). Wat is daardie "waarheid"? Jesus Christus verkondig: "Heilig hulle in u waarheid; u woord is die waarheid" (Johannes 17:17). Indien u werklik bereid is om die *Waarheid in die gesig te staar*,

sal u sien dat *talle* algemeen aanvaarde "Christelike" leerstellings en praktyke nie net **on**-bybels is nie, hulle word trouens heeltemal **verdoem** in die geïnspireerde woord van God.

"Waarvan praat jy?" sal sommige mense vra. "Hoe *durf* jy die leerstellings en gebruike van *my* kerk, *my* familie en *my* lewe oordeel?" Daardie klein woordjie "my" kan *baie* belangrik wees. Die meeste mense wil instinktief *hulle* idees en *hulle* gebruike verdedig, selfs idees wat maklik **verkeerd** bewys kan word! *Baie opregte* mense wat in Nazi-Duitsland grootgeword het, het dit moeilik gevind om te besef hoe boos en grusaam die Nazi-idees en gebruike was. Selfs vandag nog sal baie mense bly vasklou aan kommunistiese ideologieë en leringe. Om ons gekoesterde oortuigings prys te gee kan baie moeilik wees, selfs wanneer ons met die waarheid gekonfronteer word.

Die belangrikste kwessie

Alles kom hierop neer: Het u vir uself bewys dat daar 'n ware, persoonlike God is en dat die Bybel Sy geïnspireerde woord is? Indien wel, is u bereid om u oortuiging te volg na die logiese gevolgtrekking daarvan? God se Woord sê vir ons: "Daar is 'n weg wat vir 'n mens reg lyk, maar die einde daarvan is weë van die dood" (Spreuke 14:12). Die weg wat vir mense "reg lyk" eindig gewoonlik in verwarring, lyding en die dood. Kyk na die ganse wêreld vandag! In teenstelling

het die Jesus Christus van die Bybel verkondig: "Daar is geskrywe: Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke woord van God" (Lukas 4:4). Onthou: Toe Jesus hierdie woorde gespreek het, was die enigste geskrewe "woord van God" dit wat ons nou die Ou Testament noem!

Dink! Is u en u kerk bereid om 'n algehele verbintenis te maak om te glo en toe te pas wat die Bybel werklik sê? Om daardie verbintenis te maak sou **verstommend** wees, iets wat *baie min* mense of kerke nog ooit gedoen het, want dit is baie moeilik vir mense – en kerke – om hul idees en gebruike te **verander** en op te hou om gerieflikheidshalwe met hierdie wêreld en sy tradisies, wat Jesus so dikwels verdoem het, "saam te gaan". Jesus het geweet dat dit moeilik sou wees. Dit is waarom Hy sê: "Gaan in deur die nou poort, want breed is die poort en wyd is die pad wat na die verderf lei, en daar is baie wat daardeur ingaan. Want die poort is *nou* en die pad is smal wat na die lewe lei, en daar is **min** wat dit vind" (Mattheus 7:13-14).

Die Bybel vertel ons inderdaad dat die meeste mense deur 'n baie werklike Satan, die duiwel, mislei sal word. Die apostel Johannes beskryf 'n komende *geestesoorlog* waarin Satan oorwin sal word: "En die groot draak is neergewerp, die ou slang wat genoem word duiwel en Satan, wat die hele wêreld verlei, hy is neergewerp op die aarde, en sy engele is saam met hom neergewerp" (Openbaring 12:9).

Uiteindelik sal Satan in 'n bodemlose put geplaas word “sodat hy die *nasies nie meer* sou **verlei** [nie]” (Openbaring 20:3).

Natuurlik – *volgens die duidelike woorde van die Bybel* – is die hele wêreld **mislei**. Verbasend genoeg onthul die Bybel dat die wêreld se mees “beskaafde” nasies, **regstreeks** teen Jesus Christus sal **veg** wanneer Hy terugkeer as Koning van die konings (Openbaring 17:14)!

U kan dalk vra: Wat is die talle **on**-bybelse leerstellings en gebruike wat so baie mense mislei het? Is *u* bereid om u verstand te open vir wat u Bybel duidelik sê? Is u bereid om die Bybelse opdrag te gehoorsaam wat sê: **“Beproef alle dinge; behou die goeie”** (1 Thessaloniense 5:21)?

Is u? Goed. *Hier gaan ons!* 'n *Ganse panorama* van sogenaamde “Christelike” leerstellings en gebruike is beslis **on**-bybels. Baie “Christelike” leerstellings “ontbreek” nie net in die duidelike Bybelse leringe van Christus en die Apostels nie, dit word dikwels *verdoem*. Dit verwar miljoene mense, keer hulle van God af weg en help om hulle te verblind vir God se ware **Plan**, Sy ontsagwekkende **doel** en Sy ganse **leefwyse**!

Indien u meer gedetailleerde inligting verlang oor enige van die onderstaande punte, moedig ek u aan om in verbinding te tree met die streekkantoor naaste aan u (soos gelys op bl. 2 van hierdie tydskrif), of om ons Afrikaanse Webwerf te besoek

by www.wvm.co.za of in Engels by www.tomorrowworld.org. Ons bied gedetailleerde, insiggewende boekies en oorgedrukte artikels oor al die onderwerpe hieronder en nog baie meer. Ek sal party hiervan noem namate ons met hierdie artikel vorder. Indien u dit versoek, sal dit absoluut gratis en sonder verpligting aan u gestuur word!

WAAROM is u gebore?

Ons sal begin met die mees fundamentele vraag in ons almal se lewens: **Waarom** is u gebore? Wat is die ware **doel** van die mens se bestaan? Wat is die mensdom se **uiteindelike lotsbestemming**?

In sy pogings om die groot Plan van die Skeppergod omver te werp, was Satan in staat om vir die meeste belydende Christene 'n algehele vals begrip van ewige lewe te gee. So is ons grootgemaak om te dink dat wanneer ons sterf, ons net “hemel toe sal sweef”. Ons sal “hemelse geluk” smaak – moontlik op 'n harp speel, mekaar geniet of na die aangesig van God staar. Maar vir *alle ewigheid*, sal ons bykans **niks** te doene hê nie! Ons sal geen werklike werk hê nie – geen uitdaging of verantwoordelikheid nie.

Wat is *fout* met daardie idee? Dit is nie net **on**-bybels nie; dit ondermyn en weerspreek ons Skepper se **ganse doel**, want God se Woord sê herhaaldelik duidelik vir ons dat Christene konings en priesters gaan wees in 'n Regering van God wat

binnekort deur Jesus Christus *op hierdie aarde* opgestel gaan word. “Salig en heilig is hy wat deel het aan die eerste opstanding; oor hulle het die tweede dood geen mag nie, maar hulle sal **priesters** van God en van Christus wees en *saam met Hom* as **konings regeer duisend jaar lank**” (Openbaring 20:6). Die geïnspireerde “lied van die heiliges” verkondig van Jesus: “U is geslag en het ons vir God met u bloed gekoop uit elke stam en taal en volk en nasie, en het ons **konings** en **priesters** vir onse God gemaak, en ons sal as konings *op die aarde heers*” (Openbaring 5:9-10). Jesus Self sê vir die Apostels: “Julle kan eet en drink aan my tafel in my koninkryk en op trone sit om die twaalf stamme van Israel te oordeel” (Lukas 22:30). Die apostel Paulus is geïnspireer om Nuwe-Testamentiese Christene opdrag te gee: “Weet julle nie dat die heiliges die wêreld sal oordeel nie? En as die wêreld deur julle geoordeel word, is julle dan onbevoeg vir die geringste regsake? Weet julle nie dat ons engele sal oordeel nie, hoeveel te meer die alledaagse dinge?” (1 Korinthiërs 6:2-3).

Ja, ware Christene word nou “opgelei” om konings en priesters te word in die eerskomende Koninkryk van God. Daar sal hulle Jesus Christus bystaan om God se ware **leefwyse** te onderrig, wat 'n diepte van **vrede** en **vreugde** na die ganse wêreld sal bring soos nog nooit tevore nie!

U kan dalk vra: “Maar waar pas “hemel toe gaan” in by

hierdie Bybelse leringe?”

Die voor die hand liggende antwoord is: *Dit pas nie daarby in nie!*

Daar is **geen** duidelike teks in die ganse Bybel wat “hemel toe gaan” belooft as die ewige beloning vir 'n Christen nie. Pleks daarvan sê Jesus Christus: “En **niemand** het opgevaar in die hemel nie, behalwe Hy wat uit die hemel neergedaal het, *naamlik* die Seun van die mens wat in die hemel is” (Johannes 3:13). Jesus sê ook: “Salig is die sagmoediges, want hulle *sal die aarde beërwe*” (Mattheus 5:5). Waar die apostel Petrus praat van 'n man so na God se eie hart (Handelinge 13:22) sê hy: “Broeders, ek kan vry-uit met julle spreek oor die aartsvader Dawid, dat hy **gesterf het en ook begrawe is**, en sy graf is by ons tot vandag toe” (Handelinge 2:29).

Die geliefde koning Dawid is dus nie “bo in die hemel” nie – so ook is *niemand* anders nie! Die Bybel praat dikwels van die Koninkryk **van** die Hemele – nie bo *in* die hemel nie.

Die Bybel sê dat ons as Christene “n huis nie met hande gemaak nie, ewig, in die hemele” het. *Net die volgende vers* verklaar hierdie punt en herinner ons dat ons moet begeer “om met ons woning **uit** die hemel oorklee te word (2 Korinthiërs 5:1-2). Mense lees dikwels hierdie skrifdeel of ander soortgelykes, maar vergeet in hul agtelosigheid om die *hele* skrifdeel en sy volle betekenis in gedagte te hou. Roekelose wanbegrip en wanaanwending

van sulke skrifdele het baie mense mislei om te dink dat hulle “hemel toe sal gaan” as hul ewige beloning.

Trouens, die ganse Bybel is besonder duidelik in sy onthulling dat dit God se Plan vir Christene van hierdie huidige tyd is om *op hierdie aarde te wees*, om Christus by te staan as konings en priesters in Sy komende Koninkryk wat binnekort opgerig sal word. Vandag se Christene is veronderstel om God se **wette** en Sy **weë** te leer, ter voorbereiding vir hierdie *baie werklike* beloning en geleentheid om van **diens** te wees. Hoe jammer dat die gedagte van “hemel toe sweef” aan so baie mense afgesmeer is, met die gevolg dat dit die begrip verduister en mense vir die groot Plan van God **verblind**. Daarom is die vals leerstelling van “hemel toe gaan” so uiters gevaarlik en vernietigend; dit verdraai die mens se begrip van die hele rede waarom hulle in hierdie tyd deur God “geroep” word!

'n “Onsterflike” siel?

Nog 'n vernietigende leerstelling wat ware Bybelse begrip van ons ewige lotsbestemming vernietig, is die idee van die “onsterflike siel”. Hierdie vals lering het tallose miljoene mense oortuig dat hulle, in wese, *onvernietigbaar* is. Weens hierdie leerstelling glo miljoene mense wanneer hulle sterwe, gaan hulle hetsy opskiet hemel toe of neergewerp word in 'n ewig-brandende vuur om vir

ewig en altyd te ly aan die hand van 'n toornige God.

God se geïnspireerde Woord maak dit egter duidelik dat die mense **nie** onsterflik of onvernietigbaar is nie, en dat onbekeerde sondears op die ou einde **doodgemaak** gaan word – om ewige straf te ontvang, pleks daarvan om vir ewig gestrafte word.

Jesus sê: “En moenie vrees vir die wat die liggaam doodmaak, maar die siel nie kan doodmaak nie; maar vrees Hom liever wat die **siel sowel as die liggaam kan verderwe in die hel**” (Mattheus 10:28). Die Seun van God vertel ons dat God ons “siel” kan “verderwe”! Soos die apostel Paulus geïnspireer is om te onthul: “Want die loon van die sonde is die dood, maar die genadegawe van God is die ewige lewe in Christus Jesus, onse Here” (Romeine 6:23). Ja, ewige lewe is 'n “genadegawe” – **nie** iets wat ons alreeds besit as onsterflike siele nie. En die “loon” – of “*beloning*” – van onvergeefde sonde is die **dood** – **nie** ewige lewe in 'n hellevuur nie! *Talle* teksverse – meer as wat in hierdie artikel kan pas – maak hierdie waarheid duidelik. Indien u hierdie onderwerp in nadere besonderhede wil bestudeer – en **glo** wat die Bybel inderdaad sê – skryf of skakel asseblief vir ons **gratis** oorgedrukte artikel “Is daar lewe na die dood?” of ons boekie *U uiteindelijke lotsbestemming*. Hierdie literatuur, soos al ons ander literatuur, sal heeltemal gratis en sonder verpligting aan u gestuur word.

Behoort Christene die Tien Gebooie te GEHOORSAAM?

Nog 'n basiese en *verskriklik gevaarlike* misverstand is dat mense hetsy “onder die wet” of “onder genade” is. Dit is 'n deurlopende Protestantse “mantra” wat baie leraars in die verstande van hul volgelingen probeer inprent! In der waarheid, toon die Bybel dat Christene die Tien Gebooie – God se groot geestelike Wet – *moet gehoorsaam* en ook onder “genade” is wanneer hulle die gebooie onwetend oortree, maar dan bewustelik *bekeer* van hul **sondes**, want, soos God se Woord vir ons sê: “Sonde is immers oortreding van die wet van God” (1 Johannes 3:4, NV).

Onthou dat Jesus onderrig het: “Maar **as** jy in die lewe wil ingaan, **onderhou die gebooie.**” Direk nadat Hy dit gesê het, het Hy 'n paar van die Tien Gebooie begin opnoem (Mattheus 19:17). Jesus het hierdie argument gedurig en konsekwent aangevoer!

“Maar,” laat hoor baie leraars, “al wat ons regtig nodig het is God se liefde, nie die een of ander werkheilige stelsel nie.” *Hoe* moet die liefde van God egter uitgedruk word? Volgens elke persoonlike siening van wat “liefde” is? Nee! Want God se Woord sê duidelik vir ons: “Want dit **is** die liefde tot God, *dat ons sy gebooie bewaar*; en sy gebooie is nie swaar nie” (1 Johannes 5:3). God se liefde vloei met die “rivierbedding” – die **weg** – van die Tien Gebooie langs. Gehoorsaamheid aan hierdie gebooie in die letter *en* in

die gees toon aan ons **hoe** om uiting te gee aan die soort liefde en karakter wat God in Sy potensiele ewige kinders wil vorm!

Indien ons natuurlik *al tien* van die gebooie wil onderhou, moet ons ook die vierde gebod onderhou, deur die ware Sabbat op die sewende dag van die week te onderhou. Jesus Christus – ons voorbeeld – het die sewendedag Sabbat onderhou, soos ook die Apostels en die Nuwe-Testamentiese Kerk! Soos die apostel Jakobus dit verwoord: “Want wie die **hele wet** onderhou, maar in een opsig struikel, het aan almal skuldig geword” (Jakobus 2:10). Deur God se ware Sabbat te onderhou, lei ons na die *ware* God – die Skepper wat Self op die sewende dag gerus het. Dit beeld ook die komende sewende “*duisendjaarlange dag*” uit wat 'n noodsaaklike deel van God se Plan is. Wanneer die *egte*, Bybelse Sabbat nie onderhou word nie, aanbid mense op die ou einde 'n *vals god*, deur die antieke “*dag van die son*” te onderhou en verval hulle in allerlei soorte heidenom en afvalligheid as gevolg hiervan. Indien u opreg vir uself wil **bewys** wat die ware Bybelse Sabbat is, skryf of skakel asseblief dadelik vir ons **gratis** boekie, *Watter dag is die Christelike Sabbat?*

Diegene wat die ware Sabbat verwerp, word dikwels slagoffers van die gedagte dat Christene baie van die wêreld se antieke heidense aanbiddingsdae kan onderhou (bv. Kersfees, Paasfees en

Allerheilige nag) eerder as om die dae te onderhou wat God Self aan Sy mense gegee het – dae wat Jesus Christus en die Apostels onderhou het, wat onderhou sal word gedurende Jesus Christus se komende duisendjarige heerskappy. Om meer te wete te kom oor hierdie noodsaaklike onderwerp, vra asseblief vir ons gratis boekie, *Die Heilige Dae: God se Meesterplan*. Dit sal vir u die waarheid oor hierdie saak in veel meer besonderhede uitspel as wat ons in 'n kort tydskrifartikel kan doen. Dit sal verduidelik hoe God se Heilige Dae duidelik Sy **groot plan** onthul en omskryf – die stap-vir-stap plan waardeur Hy mense tot volle lidmaatskap van Sy Gesin bring. Sonder begrip van die Heilige Dae, het die mensdom as geheel nog **nooit** die Skepper se groot plan verstaan nie – *en sal ook nooit nie!* Die begrip van God se *ware* Heilige Dae is van **onskatbare waarde!**

Ek kan voortborduur met nog letterlik dosyne vals leerstellings en begrippe wat in die naam van “Christendom” onderrig word. Die bogenoemde sal u egter 'n goeie idee gee, aangesien die punte wat ek gedek het, **grondliggend** is.

Indien u beter wil verstaan *hoe* Satan in staat was om die **ganse mensdom** hieroor en oor ander punte te *verwar* en te *mislei*, skryf asseblief vir ons deeglik nagevorsde boekie, *Satan se vervalste Christendom*. Hierdie boekie gee deeglike **bewys** vir wat dit sê. Indien u ontvanklik is, sal dit u stomslaan!

Vervolg op bladsy 20

HERBOU GELUKKIGE GESINNE

Deur John H. Ogwyn

'n Gesin se gesondheid en geluk kan verbrokkel weens alkoholisme, fisiese mishandeling, seksuele mishandeling – en selfs deur die verkeerde idees aangaande kinderopvoeding. Gebroke gesinne kan egter herbou word en die Skrif bied 'n bloudruk om te wys hoe dit gedoen kan word!

Fanie en Linda het op die oog af na die ideale gesin gelyk. Hul vriende by die kerk het hulle geken as 'n aantreklike jong paartjie met vier oulike kinders. Fanie was 'n vaardige ambagsman en Linda was 'n voltydse tuisteskepper. Hulle het in 'n mooi huis in 'n aangename kompleks gewoon. Alles in ag genome, was hulle die verpersoonliking van die “droomgesin” vir dié wat hulle geken het.

Daar was egter 'n donker sy in hul huwelik. Baie van wat hul vriende gedink het hulle van Fanie en Linda geweet het, was 'n blote illusie. Hoewel die paartjie vir jare die beste voetjie voorgesit het, het daar uiteindelik krakies in hul fasade begin verskyn. U sien, Fanie het 'n drankprobleem gehad wat stadigaan vererger het. Dit was die gesin se geheim.

Namate Fanie se drankprobleem vererger het, het Linda al hoe meer haatdraend geword en die struwelinge tussen hulle het meer en ernstiger geraak. Teen die tyd dat Fanie uiteindelik erken het dat hy 'n probleem het en hulp gaan soek het, was Linda al so platgeslaan deur bitterheid, haat en pyn dat sy nie meer omgee het nie. Oor die volgende paar jaar het hierdie “ideale gesin” uitmekaar geval – met tragiese gevolge vir elke lid van die gesin. Hul lewens het van 'n droom in 'n nagmerrie ontaard.

Uit die aard van die saak, is dié nie 'n geïsoleerde geval nie. 'n Amerikaanse regeringsverslag oor alkoholisme het nagenoeg 18 miljoen volwassenes in die VSA as probleemdrinkers geklassifiseer. Dit is natuurlik nie net die drinkers wat 'n probleem het nie. Soos in Fanie se geval, beïnvloed die probleemdrinker regstreeks ander mense se lewens, veral dié van die kinders wat onder daardie omstandighede moet grootword.

Die patrone waarvolgens ons in die lewe funksioneer, word in ons kinderdae ontwikkel. Die belangrikste aspekte van wat ons oor onself – en oor die wêreld om ons – glo, word gevorm deur lesse wat ons tuis geleer het. Daar is miljoene volwassenes wat grootgeword het in huise waar

alkoholmisbruik aan die orde van die dag was. Miljoene ander mense word groot met ander letsels. Volgens Susan Froward, medeskrywer van *Betrayal of Innocence*, was ten minste 10 miljoen Amerikaanse vroue die slagoffers van bloedskaande. Hoewel hierdie spesifieke statistieke slegs op die Verenigde State gebaseer is, vind ons soortgelyke getalle in Brittanje, Kanada, Australië en ook in Suid-Afrika.

As ons so in ons gekrenkte wêreld rondkyk, moet ons besef dat niemand 'n volmaakte agtergrond het nie. Miljoene mense het egter grootgeword in omstandighede wat besonder diep letsels gelaat het. Hierdie letsels sal, indien dit nie aangespreek en genees word nie, eenvoudig die sondes van die vaders op die kinders oordra – selfs tot aan die derde en vierde geslagte (sien Numeri 14:18).

Met so baie mense wat uit 'n ongesonde gesinsagtergrond kom, beteken dit dat daardie miljoene mense geen kans op toekomstgeluk het nie? Is u dan *outomaties* gedoem om die probleme van die gesin waarin u grootgeword het, te herhaal? Is dit werklik moontlik om die kringloop te verbreek en 'n gelukkige gesin te herbou?

Wees eerlik en aanvaar die verlede vir wat dit is

Die probleem is natuurlik nie dat mense hul lewens begin met die doel om ongelukkig te wees nie. Hulle weet bloot nie hoe om daardie dinge te doen wat gelukkige gevolge sal hê nie! Dit gebeur so dikwels dat kinders wat onder veelbewoë gesinsomstandighede grootword, hulself beloof om nie hul eie kinders eendag deur dieselfde traumas te laat gaan nie. Tog gebeur presies die teenoorgestelde gewoonlik. Probleme word herhaal. Waarom?

Baie van hierdie probleme spruit voort uit die lesse en oorlewingstrategieë wat ons as kinders geleer het. Die seerkry, vrese en griewe wat tydens kinderjare opkrop, word na volwassenheid oorgedra. Daardie gevoelens word alte dikwels ook na nuwe verhoudings oorgedra. Diegene wat nooit as kinders geleer het om te vertrou nie, sal dit

moeilik vind, indien nie onmoontlik nie, om ware intimiteit in hul volwasse jare te geniet. Die oorsprong van hierdie probleem is dikwels omdat hul ouers hulle nooit geleer het hoe om teenoor ander mense op te tree nie (Spreek 22:6).

Om te kan verander, moet mens eerstens eerlik na die verlede kyk, deur die spieël van God se Wet (Jakobus 1:23-25). Waarheid is die sleutel tot ware vryheid. Hoewel ons nie ons verlede kan kies nie, kan ons egter keuses maak oor ons toekoms. Alvorens ons kan aanbeweeg, moet ons besef waar ons ons tans bevind en hoe ons hier gekom het. Deur die dinamika van ons gesinstelsel te verstaan, kan ons dinge aangaande onself begin verstaan – waarom ons dink en voel soos ons doen.

Wanneer 'n kind grootword met die wete dat sy beste nooit goed genoeg sal wees nie, of dat hy moet baklei om liefde te verdien, of dat hy verantwoordelik is vir almal om hom se geluk, sal hy werklik probleme hê om gesonde volwasse verhoudings aan te knoop.

Om die verlede in die gesig te staar, beteken nie om Ma of Pa te blameer nie – dit gaan daaroor om eerlik met onself te wees. Ons kan nooit aan 'n probleem werk wat ons nie kan sien of wil erken nie. Dit is noodsaaklik dat ons voorraadopname van ons lewens moet neem, insluitende ons gevoelens en die oortuigings wat dit rugsteun. Indien ons wil hê dat die toekoms anders as die verlede moet wees, moet ons presies bepaal wat ons van voorneme is om anders te doen. Goeie voornemens om “beter te doen” is nie naastenby genoeg nie. *Wat presies wil ons anders doen?* Nie een van ons kan in die algemeen verander nie, slegs in die besonder!

Om voor te gee dat niks verkeerd is nie, maak dit nie reg nie. Ons moet onself nie mislei nie (Jeremia 17:9; Jakobus 1:22). As ons egter 'n saak eerlik onder die oë sien vir wat dit is, sal ons in staat wees om keuses te maak. Dit is 'n eerste stap om die wonde van ons kinderjare aan te spreek.

Vergewe en vergeet

Gruwelike gebeure laat geweldige diep letsels. Een van die moeilikste maniere waarop ons op pynlike en onregverdige gebeure reageer, is om dit te vergeet. Ons probeer dikwels geregverdig voel deur te klou aan griewe en blameer die onregverdigheid van die lewe daarvoor. Op die lang duur doen griewe egter meer skade aan *diegene wat dit vertroetel!*

Die Bybel is die wêreld se beste sielkunde

handboek. Die Skepper, die Een wat die menslike hart en denke ontwerp het, het dit geskryf. In die bladsye van die Bybel is die verhale van talle werklike manne en vroue, van die keuses wat hulle gemaak het en die gevolge daarvan.

Een van die tragiesste episodes wat in die Skrif opgeteken staan, is die reeks gebeure wat 'n hoogtepunt bereik het met die opstand van Absalom, die seun van koning Dawid. Die ding het natuurlik nie met Absalom se opstand begin nie. Dit het bykans 10 jaar vroeër begin toe Absalom se suster, Tamar, deur haar halfbroer, Amnon, verkrag is. In die nadraai van hierdie voorval, het Absalom gekook van innerlike woede. Hy was woedend oor wat met sy suster gebeur het (2 Samuel 13).

Nadat hy vir twee jaar hierdie woede opgekrop het, het Absalom al sy broers, insluitende Amnon, na 'n maaltyd by sy huis genooi. Nadat hy Amnon uit Jerusalem weggelok het, het Absalom hom doodgemaak en landuit gevlug. Koning Dawid was verpletter deur die nuus. Hy het nou twee seuns verloor – een aan die dood en die ander een weens selfopgelegde ballingskap. Daar was vir drie jaar geen kontak tussen die koning en sy vervreemde seun nie. Deur die krygslis van Joab, wat 'n broerskind sowel as 'n vertroueling van koning Dawid was, is die koning ooreed om Absalom te vra om terug te keer na Jerusalem toe. Selfs na sy terugkeer, wou koning Dawid egter nie tyd met sy seun deurbring of hom selfs van aangesig tot aangesig sien nie. Koning Dawid was so seergemaak deur die optrede van Absalom, dat hy homself nie so ver kon bring om heeltemal te versoen nie. Etlieke jare het verbygegaan en Absalom het al hoe meer wrewelig teenoor sy vader geraak.

Joab het uiteindelik daarin geslaag om weereens die knelpunt te verbreek en koning Dawid het sy seun Absalom genooi om hom te besoek (2 Samuel 14:21). Daar was 'n oppervlakkige versoening, maar Absalom was teen hierdie tyd so verteer deur haatdraendheid dat hy 'n opstand begin beplan het om sy vader te onttron. Toe hy gedink het die tyd was ryp, het hy toegeslaan. Aanvanklik het dit gelyk of hy suksesvol sou wees, maar sy leëmag is uiteindelik verslaan. Voordat die leëmagte slaags geraak het, het koning Dawid die soldate opdrag gegee om Absalom nie seer te maak nie, maar gesê; “Saggies met die jongman, met Absalom.” Hierdie opdrag is egter verontagsaam en Absalom is doodgemaak. Dawid was verpletter. “My seun

Absalom, my seun, my seun Absalom! Ag, as ek self maar in jou plek gesterf het! Absalom, my seun, my seun!” (2 Samuel 18:33). Hierdie hele tragiese gebeurtenis wys wat kan gebeur as ons vasklou aan diep gewortelde gevoelens van seerkry en haatdraendheid. Was daardie seer gevoelens werklik en verstaanbaar? Natuurlik was dit! Ons kan egter ook sien hoe dit 'n **vernietigende uitwerking** gehad het op diegene wat daaraan vasgeklou het. Jesus Christus het die belangrikheid van vergifnis herhaaldelik beklemtoon – om die haatdraendheid en seergemaaktheid te laat vaar. Selfs toe Christus geneem is om tereggestel te word, het Hy onvoorwaardelike vergifnis geopenbaar. Van die soldate wat Sy kruisiging uitgevoer het, sê Hy: “Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie” (Lukas 23:34).

Indien u uit 'n pynlike agtergrond kom en diep seergemaak is, is een van die belangrikste besluite wat u kan neem, om die seer en haatdraendheid *te laat vaar*. Dit is dikwels moeilik om te doen, aangesien ons glo dat ons geregtig is om so te voel, as gevolg van wat gebeur het. Haatdraendheid is nogtans die oorsaak van die meeste geestelike krankhede en indien ons daaraan vasklou, is dit die wortel waaruit verbitterdheid spruit.

Aanvaar die verlede eerlik. Erken die seer en die verlies. Dit is nie verkeerd om te treur oor 'n verlies nie, maar laat dit dan vaar. Om aan die seer van die verlede vas te klou of om dit te laat vaar, *is* u eie keuse. Besluit om te vergeef en aan te beweeg.

Vertroue en respek

Vertroue en respek is diepliggende aspekte van gesonde verhoudings. Pynlike ondervindings in 'n siek gesinsomgewing ondermyn behoorlike respek en beskadig die vertrouensvermoë. Waarom is hierdie elemente egter so noodsaaklik en wat kan gedoen word om dit weer op te bou?

In gesonde gesinne is goeie kommunikasie een van die belangrikste hulpmiddels. Deur te weet wat iemand anders se gedagtes, idees en gevoelens is, maak dit moontlik om probleme aan te spreek en op te los. Om negatiewe en kwetsende woorde te gebruik en nie aandagtig te luister nie, sal pogings tot kommunikasie onderdruk. “En die dwase en onverstandige strydvrage moet jy afwys, omdat jy weet dat dit twis verwek” (2 Timotheus 2:23). Om nie respek aan ander gesinslede te toon nie, sal hul

bereidwilligheid om te sê wat hulle werklik dink, ondermyn. Niemand hou daarvan om vir die gek gehou of verkleineer te word nie. Ons kan slegs oopmaak teenoor diegene by wie ons veilig voel. 'n Wanaangepaste gesin skep nie 'n veilige emosionele omgewing nie, met die gevolg dat die lede van die gesin nie gesonde kommunikasievaardighede aanleer nie.

Indien u onder sulke omstandighede grootgeword het, moet u nuwe en ander vaardighede aanleer ten einde 'n ander atmosfeer in u huidige gesin te hê as in u gesin van oorsprong. Baie hiervan berus daarop om 'n atmosfeer van vertroue en respek te bou (1 Petrus 2:17; Hebreërs 12:14). Vertroue word opgebou deur talle klein dingetjies deurlopend deur te voer. Mense voel dat hulle gerespekteer word wanneer hulle aandag kry en hoflik behandel word.

U maat sal nooit teenoor u oopmaak alvorens hy of sy veilig voel om dit te doen nie. Hoe skep u hierdie veilige omgewing? Eerstens moet u sorg dat vertroulike opmerkings nooit so herhaal word dat dit 'n verleentheid skep vir die persoon wat u in u vertroue geneem het nie (Spreek 25:9). Voorts moet bekentnisse van innerlike vrese of onsekerhede nooit as ammunisie opgeberg word om die volgende keer wat daar nie saamgestem word nie, in die een wat dit gesê het se gesig terug te gooi nie.

Waar mense is, is dit onvermydelik dat daar van tyd tot tyd onenigheid sal wees. Wanneer 'n atmosfeer van vertroue en respek egter in 'n huis heers, sal daardie onenigheid op 'n gesonde wyse besleg word. Konsentreer daarop om vertroue te bou en respek te betoon deur u optrede sowel as u woorde, selfs ten tye van onenigheid (Filippense 2:3). Met verloop van tyd, sal daar tasbare resultate wees. Nie een van ons kan iemand anders laat verander nie, maar ons kan besluit om veranderings in ons eie lewens aan te bring.

Herstel balans

Daar is al gesê dat “balans 'n skeermes se snykant is!” Oorkompensasie – deur van die een uiterste na die ander te gaan – blyk 'n menslike neiging te wees. Om een uiterste vir 'n ander te verruil, bevorder nie balans nie.

Party gesinstrukture is so onbuigsaam en oorheersend dat dit die gesinslede versmoor. Ander is weer so los en permissief dat dit 'n gevoel van chaos meebring. Nie een van die twee is 'n gesonde balans nie. Indien een huweliksmaat te streng is, bring toegeeflikheid van die ander een

ook nie balans mee nie. 'n Gestruktureerde omgewing daarenteen, bring behoorlike balans in die gesin, waarin elke lid van die gesin steeds as individu kan floreer.

In ongesonde gesinne sal die leier óf afstand doen van sy verantwoordelikheid om te lei, óf hy sal poog om al die ander lede te beheer. Wat is dan 'n gesonde leierskap styl? Die vroeë Nuwe-Testamentiese Kerk bied 'n interessante voorbeeld. Die Kerk word immers die "huisgenote van God" genoem (Efesiërs 2:19) en het baie van dieselfde eienskappe as 'n gesin.

In Handeling 6:1 lees ons dat die getal dissipels in Jerusalem sterk toegeneem het. Ons lees verder dat probleme by sekeres ontstaan het wat gevoel het dat hul behoeftiges afgeskeep word. Hoe het die leierskap reageer? Hulle kon almal saamgeroep en hulle "uitgetrap" het omdat hulle klagtes geopper het. Hulle kon tot die verdediging oorgegaan het deur te sê dat hulle na die beste van hul vermoë optree, om diegene wat gekla het te laat skuldig voel. Hulle het nie een van die twee gedoen nie.

Hulle het eerder geluister na wat gesê was! Nadat hulle aandagtig geluister het, het hulle almal byeengeroep en riglyne vir 'n oplossing bepaal. Vervolgens het hulle die verantwoordelikheid aan diegene nader aan die probleem gedelegeer om die besonderhede in te vul. In hierdie geval is die probleem opgelos deur 'n lys van individue saam te stel wat voldoen het aan die kwalifiserende faktore soos deur die Apostels bepaal. Die resultate is positief ontvang en die Kerk het selfs nog meergegroei (vers 7).

Die Apostels het dit vermy om heelparty van die algemeenste foute te maak wat mense met hul leiers gefrustreerd maak. Hulle het kommunikasie nie doodgesmoor deur kwaad te word vir diegene wat aan hulle onwelkome nuus gebring het nie. Hulle het ook nie die Kerk frustreer deur na uiterstes oor te gaan deur óf nie te reageer en geen leierskap te bied nie, óf deur te probeer om alleen in beheer te bly en elke aspek van die oplossing self te beheer nie.

Dit is 'n duidelike beeld van hoe gesonde leierskap werk en hoe dit eweneens op die gesin van toepassing is, net soos op die Kerk of in ander kontekste. Deur te luister, 'n raamwerk en riglyne op te stel en mense dan ruimte te bied om die besonderhede uit te werk, is allerbelangrike sleutels tot gebalanseerde leierskap.


'n Wanaangepaste gesin gee aanleiding tot 'n ongebalanseerde omgewing. Om gesonde

gesinne te herbou wat behoorlik funksioneer, behels 'n herstel van balans. Kinders moet 'n raamwerk en riglyne van aanvaarbare gedrag kry. Binne hierdie grense, moet hulle egter toegelaat word om hul eie individuele smake en belangstellings te ontwikkel.

Gesinne behoort nóg onbetrokke en ongeïnteresseerd te wees in die lewe van die ander gesinslede, nóg moet hulle daarin verstrik en verstrengeld wees. Daar is 'n gesonde balans tussen die handhawing van belangstelling en betrokkenheid, terwyl daar steeds ruimte gegun word om individue te wees en probleme op te los. Die Skeppergod sê: "Daarom sal die man sy vader en moeder verlaat en sy vrou aankleef. En hulle sal een vlees wees" (Genesis 2:24). 'n Nuwe gesinseenheid word so geskep. Liefdevolle kinders sal uit die aard van die saak steeds hul ouers eer en respekteer en liefdevolle ouers sal diep geïnteresseerd bly in die welvaart van hul kinders en hul nuwe gesinne.

Ongesonde, disfunksionele gesinne laat ongesonde, disfunksionele gesinne voortbestaan – maar nie omdat mense doelbewus daarna streef nie. Hulle bly bestaan omdat die nodige kennis, vaardighede en die wil by mense ontbreek om iets beter te bou. Hoe kan u dus seker maak dat u toekoms anders sal wees as u verlede?

Eerstens moet u besluit om die verlede eerlik onder oë te neem en dit dan *te vergeet*. U het die keuse of u u seerkry wil vergeet en dit met vergifnis wil vervang. Vergifnis is, op stuk van sake, 'n keuse! In plaas daarvan om beheer te word deur vrese en onsekerhede wat oor 'n leeftyd ontwikkel is, begin om 'n diep, persoonlike verhouding met u Skepper te ontwikkel. Wanneer u verkies om gelei te word deur vertrou in God eerder as deur vrees vir mense en omstandighede, sal u vind dat nuwe horisonne in die lewe vir u geopenbaar word. Streef daarna om vertrou en respek in al u verhoudings te bou, deur dit te betoon en uself betroubaar te maak. Laastens, streef balans na deur te leer hoe om betrokke te wees sonder om verstrik en verstrengeld te wees.

Ons leef in 'n wêreld van seerkry en gebroke gesinsverhoudings. Tog, ongeag u agtergrond, is dit moontlik om 'n gesonde gesin te herbou. U Skepper het 'n handleiding voorsien, maar u moet self Sy voorskrifte toepas om nuwe kennis en nuwe vaardighede aan te leer. Soek hulp en maak vordering. Die resultaat sal al die harde werk wat voorlê, die moeite werd maak! 

Hoe die Bybel u kan help

Deur Richard F. Ames

U het waarskynlik 'n Bybel êrens in u huis. Jaar na jaar, is die Bybel die boek wat boaan die lys van topverkopers staan. Nogtans weet die meeste mense baie min van hierdie wonderlike boek en wat daarin staan. Die Bybel onthul die geheime van die lewe. Dit onthul ook die toekoms van die mensdom. Dit kan u op baie maniere help – baie meer as wat u ooit kon hoop of droom.

Miljarde mense regoor die wêreld besit Bybels. Reeds in 1950, het 'n gesaghebbende tydskrif berig dat “teen die einde van 1950 (die 500ste herdenking van Gutenberg se uitvinding), sal twee miljard Bybels of dele van Bybels, gedruk wees, met 'n verdere 25 miljoen wat jaarliks bygevoeg word” (*Antiquarian Bookman*, 18 November 1950). 'n Opname deur die Princeton Navorsingsentrum het onlangs bevind dat 93% van Amerikaners “'n Bybel besit en dat 27% van hulle vier of meer besit. U besit heel moontlik ook 'n Bybel. Indien u Bybel in 'n kas of laai weggepak is, dring ek by u aan om dit op te spoor en te lees. Dit sal u in baie, baie opsigte help. Ons sal in hierdie artikel slegs vyf van die baie maniere ondersoek waarop die Bybel u kan help – ver bo u hoogste verwagtings – **mits** u die instruksies sal volg.

'n Gallup-opname wat in Oktober 2000 vrygestel is, onthul dat “sowat ses uit elke tien Amerikaners (59%) beweer dat hulle ten minste soms die Bybel lees ... Die aantal Bybellesers het sedert die 1980's oor die algemeen afgeneem van 73% na die huidige 59%. Die persentasie van gereelde lesers, dit is diegene wat ten minste een keer per week Bybel lees, het ook weinig afgeneem, van 40% in 1990 na 37% vandag” (*Six in the Ten Americans Read Bible at least Occasionally*, Gallup News Service, 20 Oktober 2000).

Wat het hierdie opname nog aangaande die lees van die Bybel onthul? Gallup het berig: “Ten

opsigte van gereeldheid van Bybellesers, is bevind dat 16% van Amerikaners sê dat hulle die Bybel daagliks lees, 21% sê dat hulle dit weekliks lees, 12% sê dat hulle dit maandeliks lees, 10% sê dat hulle dit minder as maandeliks lees en 41% sê dat hulle die Bybel selde of nooit lees” (*ibid.*).

Hoe belangrik is die Bybel in **ú** lewe? Lees u die Bybel ten minste een keer per week? Ekself probeer om daagliks die Bybel te lees. Ek het gewoonlik moeg van die werk op kantoor tuis gekom en dan die televisie aangeskakel, maar ek het gou uitgevind dat te veel tyd verlore gaan deur te veel televisie te kyk. Nou het ek die gewoonte aangekweek om sodra ek by die huis kom, in 'n gerieflike stoel te gaan sit, die Bybel te neem en vir ten minste tien minute uit die Bybel te lees voordat ek enigiets anders doen. Hierdie gewoonte help my om die aand op 'n positiewe noot te begin – en my vrou waardeer ook my positiewe gesindheid!

Ons behoort almal tot die besef te kom hoe belangrik die Bybel vir ons is – persoonlik en as 'n nasie. Die geskiedenis van die wêreld leer ons die diepgaande les dat geen ryk of nasie ooit staande kon bly sonder sterk geestelike karakter en integriteit nie. Die Bybel toon aan ons die weg na 'n goddelike leefwyse en 'n regverdige karakter. Alle nasies op aarde behoort te strewende om daarvolgens te lewe. George Washington, die eerste president van die Verenigde State van Amerika, het in hierdie beginsel geglo. Hy het gesê: “Dit is onmoontlik om die wêreld regverdig te regeer sonder God en die Bybel” (*Halley's Bible Handbook*, bl. 18).

Ons kan slegs verstaan wat George Washington bedoel het as ons werklik verstaan wat die Bybel is. Wat sê die Bybel oor die Bybel self? “**Die hele Skrif** is deur God ingegegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwyding, tot onderwysing in die geregtigheid, sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus” (2 Timotheus 3:16-17).

Of, soos die Nuwe vertaling dit stel, “Die hele Skrif is deur God geïnspireer.”

Ons Skepper wil hê dat ons die regte weg na die ewige lewe moet ken en Hy het daardie weg in u Bybel geopenbaar. Die Bybel bied talle voordele aan 'n ieder en 'n elk.

Voordeel 1: Die Bybel openbaar die weg na lewe ná die dood

U Bybel openbaar die weg na die ewige lewe en saligheid. Nadat u gesterf het, sal u weer lewe? Hoe weet u dit? Kyk wat skryf die apostel Paulus aan die jong evangelis Timotheus: “Maar bly jy in wat jy geleer het en waarvan jy verseker is, omdat jy weet van wie jy dit geleer het, en dat jy van kleins af die heilige Skrifte ken wat jou wys kan maak tot saligheid deur die geloof in Christus Jesus” (2 Timotheus 3:14-15).

Ja, die heilige Skrif lei ons na **verlossing** deur geloof in Jesus Christus! Slaan ag op twee belangrike beginsels in hierdie verse. Ten eerste is Timotheus die skrifte reeds sedert sy **kinderdae** geleer! As u 'n ouer is, hoop ek dat u die Skrif aan u kinders leer. Onthou ook dat toe Paulus hierdie boodskap aan Timotheus geskryf het, die Nuwe Testament nog nie eens volledig geskryf was nie. Die Heilige Skrif wat Timotheus as kind bestudeer het, was dus die **Ou Testament**. Paulus het die Ou Testament aangeprys dat dit hom sou “wys kan maak tot saligheid deur die geloof in Christus Jesus.” Die **hele** Bybel – van begin tot einde – is deur God geïnspireer en is steeds vandag op Christene van toepassing!

Ons almal benodig verlossing en redding. Ons benodig vergifnis van ons sondes. Waarom? Die rede is dat sonde die ewige dood meebring. Die Skrif leer ons: “Want die loon van die sonde is die dood, maar die genadegawe van God is die ewige lewe in Christus Jesus, onse Here” (Romeine 6:23). Deur ons sondige lewens **verdien** ons **die dood**. God het egter 'n Saligmaker en Verlosser in die wêreld ingestuur – Jesus Christus. Met Sy gestorte bloed het Hy vir ons sondes betaal. **As** ons ons Saligmaker en Verlosser se voorskrifte navolg, kan ons sondes vergewe word. Soos Jesus Self gepreek het: “Die tyd is vervul en die koninkryk van God het naby gekom; bekeer julle

en glo die evangelie” (Markus 1:15). Let ook op wat die apostel Petrus sê: “Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang” (Handelinge 2:38).

Party van u wat hierdie artikel lees, mag reeds vir 'n geruime tyd al op twee gedagtes hink. U het moontlik al daaraan gedink om u lewe daaraan toe te wy om Christus heelhartig en opreg te volg, maar u het dit nog altyd uitgestel. Indien God u roep, is dit nou die tyd om te reageer! Indien u vrae het en graag raad wil inwin van 'n leraar, skakel gerus of skryf aan ons streekkantoor waarvan die adres en telefoonnommers op bladsy twee van hierdie tydskrif verskyn. U Bybel onthul dat Jesus Christus, die Messias, die Verlosser en Saligmaker van die wêreld is. (Johannes 4:42; 1 Johannes 4:14). Sal u **reageer** op hierdie kennis? Net soos in die geval van Timotheus, is die Bybel in staat om **u** wys te maak tot **verlossing** en redding deur Christus Jesus. Dit openbaar die weg na lewe ná die dood.

Voordeel 2: Die Bybel verduidelik die werklike betekenis en doel van die lewe

Wat is die doel van lewe? Wat is **u** lotsbestemming? Ons het reeds hierbo gesien dat God aan ons die ewige lewe belowe – maar wat is dan ons uiteindelijke lotsbestemming? Sal ons vir ewig net op wolke ronddrywe? Het God nie miskien 'n baie groter doel en plan met ons nie? Koning Dawid van ouds het ook oor sy doelwit in die lewe gepeins. Terwyl hy nog skape opgepas het, het Dawid baie maande, jaar na jaar, onder die nagtelike hemel deurgebring en hy het bespiegel oor sy plek in die heelal. Dawid het in eerbied onder die sterrehemel gestaan. Hy het besef dat die Oorsprong van daardie heelal die Skeppergod is. Dawid skryf: “As ek u hemel aanskou, die werk van u vingers, die maan en die sterre wat U toeberei het – wat is die mens dat U aan hom dink, en die mensekind dat U hom besoek?” (Psalm 8:4-5).

Soos Dawid dit gestel het, “dink” God aan mensewesens. Hy is besorg oor ons! Waarom? Omdat Hy ons geskape het! God het ons ook vir 'n

belangrike doel geskape – om in 'n persoonlike verhouding met Hom te staan! Dit is 'n diepgaande waarheid. Dink net daaraan! God het gesê: “Laat Ons mense maak na ons beeld, na ons gelykenis, en laat hulle heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en die vee en oor die hele aarde en oor al die diere wat op die aarde kruip. En God het die mens geskape na sy beeld; na die beeld van God het Hy hom geskape; man en vrou het Hy hulle geskape” (Genesis 1:26-27).

God het die mens na Sy beeld geskape om 'n ewige verhouding met Hom te hê. Daardie verhouding moes 'n liefdevolle gemeenskap wees! God het die menslike gesin geskep en Hy verlang dat u deel van Sy goddelike gesin sal wees. Let op wat die apostel Paulus skryf: “Om hierdie rede buig ek my knieë voor die Vader van onse Here Jesus Christus, van wie elke geslag in die hemele en op die aarde sy naam ontvang” (Efesiërs 3:14-15). God is die Vader van 'n gesin, en Hy wil hê dat u deel van 'n skeppende gesin moet wees wat bevrediging en vreugde vir alle ewigheid sal maak.

Die meeste belydende Christene het geen duidelike beeld van hul roeping in God se Koninkryk nie. Luister egter na hierdie duidelike stelling van die apostel Johannes oor wat God vir ons sal doen: “En het ons konings en priesters vir onse God gemaak, en ons sal as konings op die aarde heers” (Openbaring 5:10). Wanneer Christus as Koning van die konings en Here van die here sal terugkeer, sal ware Christene Hom in die Wêreld van Môre dien. Gedurende die Millennium sal hulle help om die res van die wêreld die weg na blywende vrede te leer. Daarna sal daar 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde wees, en hulle sal dan saam met Hom vir ewig regeer! U Bybel kan u help om hierdie wonderbaarlike lotsbestemming te begryp. U lewe het 'n ontsaglike betekenis en doel – en dit word alles in u Bybel verduidelik!

Voordeel 3: Die Bybel toon die weg na harmonieuse verhoudings

Party van ons vind dit baie moeilik om met ander mense oor die weg te kom. Ons ondervind

dalk konflikte met ons hoof by die werk, met ons lewensmaat, met familie- en gesinslede of met vriende. Kan die Bybel **u** help om beter met andere oor die weg te kom? Ja, dit kan, **mits** u die instruksies volg. Onthou u die twee Groot Gebooe? Jesus onderrig ons: “Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand. Dit is die eerste en groot gebod. En die tweede wat hiermee gelykstaan: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself” (Mattheus 22:37-39).

Wanneer u hierdie twee groot gebooe toepas, kan u u verhoudings met ander mense verbeter. Die Tien Gebooe verduidelik aan ons spesifieke maniere om God lief te hê en ook om ons naaste lief te hê. U betoon liefde aan u naaste deur u ouers te eer, deur eerder te help as om dood te maak, deur getrou en liefdevol teenoor u lewensmaat te wees, deur nie egbrek te pleeg nie, ensovoorts. Die Christen se manier van lewe – die Bybel se leefwyse – is geheel en al teenstrydig met die wêreldse, selfsugtige, gierige en egosentriese manier van die tipiese menslike natuur. Neem kennis: “Moenie iets doen uit selfsug of uit ydele eer nie, maar in nederigheid moet die een die ander hoër ag as homself. Julle moet nie elkeen na sy eie belange omsien nie, maar elkeen ook na die ander s'n” (Filippense 2:3-4). God leer ons om andere hoër as onself te ag – om ander mense te waardeer en te respekteer en om vir ander se welsyn om te gee en daarvoor besorg te wees.

Die Bybel leer ons ook die belangrikheid van vergifnis. Werklike vergifnis sal u verhoudings met ander mense verbeter. Klou u vas aan griewe? Baie mense is nie bereid om griewe te vergewe en te vergeet nie. Onthou egter altyd wat Jesus ons in die modelgebed (die “Onse Vader”) leer: “En vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe” (Mattheus 6:12).

Is dit hoe **u** bid? Vergeef u ander mense?

1 Korintiërs 13 word dikwels die “hoofstuk van liefde” genoem. Indien u slegs een van die beginsels daarin vervat toepas, is u op die regte pad om u verhoudings te verbeter. Luister na hierdie pragtige gedeelte: “Die liefde is lankmoedig en vriendelik; die liefde is nie jaloers

nie; die liefde praat nie groot nie, is nie opgeblase nie, handel nie onwelvoeglik nie, soek nie sy eie belang nie, word nie verbitterd nie, reken die kwaad nie toe nie, is nie bly oor die ongeregtheid nie, maar is bly saam met die waarheid. Dit bedek alles, glo alles, hoop alles, verdra alles. Die liefde vergaan nimmermeer” (1 Korinthiërs 13:4-8). Die heel eerste eienskap wat hier genoem word, is geduld. Die liefde is lankmoedig, met ander woorde, liefde is geduldig. Is u geduldig? Deur hierdie Bybelse beginsels toe te pas, kan u lewe dramaties verander word. Dit kan u help om **blywende** vreugde uit u verhouding met ander mense te put!

Voordeel 4: Die Bybel leer ons hoe om ware sukses, vervulling en blydschap te verkry

Die Bybel kontrasteer dikwels die wêreldse weë met die weë van Jesus Christus. Let op hierdie diepsinnige waarheid wat Jesus Self spreek: “Die dief kom net om te steel en te slag en te verwoes. Ek het gekom, dat hulle lewe en oorvloed kan hê” (Johannes 10:10).

Jesus het gekom dat u die lewe meer oorvloedig mag beleef! U kan 'n oorvloedige lewe – ware sukses – hê, mits u u Saligmaker en Verlosser in al u gedagtes en in elke handeling elke dag in ag neem. Deur Christus kan u ware sukses smaak. Soos die apostel Paulus skryf: “Ek is tot **alles in staat** deur Christus wat my krag gee” (Filippense 4:13). Let ook op na hierdie sleutel tot God se seëninge: “Vertrou op die Here met jou hele hart en steun nie op jou eie insig nie. Ken Hom in al jou weë, dan sal Hý jou paaie gelykmaak” (Spreuke 3:5-6).

As ons Hom in ag neem, beloof God om ons elke dag op die pad na lewe en sukses te lei. Indien u egter nie met God kommunikeer nie, erken u Hom nie. Bid u daagliks? Bid u gereeld daagliks? Volg u die apostel Paulus se vermaning: “Wees oor niks besorg nie, maar laat julle begeertes in alles deur gebed en smeking met danksegging bekend word by God” (Filippense 4:6)? Indien u dit doen sal God al u bekommernisse wegneem en “die vrede van God, wat alle verstand te bowe gaan, sal julle harte en julle sinne bewaar in Christus Jesus” (vers 7).

Erken God in al u weë en hy sal u paaie gelykmaak!

Die Bybel gee aan ons die ware beginsels wat tot sukses sal lei. Ons moet regte waardes in die lewe nastreef, nie wêreldse, selfsugtige, wellustige waardes nie. Koning Dawid was 'n man so na God se eie hart (Handelinge 13:22), en onder God se inspirasie het hy wonderlike Psalms geskryf. Let dan op na hierdie noodsaaklike beginsel vir sukses wat God deur Dawid openbaar het: “Welgeluksalig is die man wat nie wandel in die raad van die goddelose en nie staan op die weg van die sondaars en nie sit in die kring van die spotters nie; maar sy behae is in die wet van die HERE, en hy oordink sy wet dag en nag” (Psalm 1:1-2).

Dawid openbaar die inspirerende gevolg van oordenking van God se Wet en leefwyse: “En hy sal wees soos 'n boom wat geplant is by waterstrome, wat sy vrugte gee op sy tyd en waarvan die blare nie verwelk nie; en alles wat hy doen, voer hy voorspoedig uit” (vers 3). Ongelukkig lyk dit of baie Amerikaners nie voorspoedig wil wees nie; 'n *Barna* navorsingsopname van 1992 onthul dat 18% van Amerikaanse volwassenes dink dat “die Tien Gebooie nie van toepassing is op mense wat vandag leef nie.” Iets skort beslis in sulke mense se lewens!

Die Bybel onthul baie ander noodsaaklike en opwindende beginsels vir 'n suksesvolle lewe. Lees Mattheus 5-7 (die “Bergpredikasie”). Lees ook die hele boek Spreuke. Namate u die **Bybelse** beginsels vir 'n goddelike leefwyse aanleer, sal u ware sukses, vervulling en geluk smaak.

Voordeel 5: Die Bybel onthul die toekoms!

Almal van ons wil 'n gelukkige en veilige toekoms hê. Is dit egter moontlik? Kan **u** so 'n toekoms hê? Jare gelede, voordat ek 'n Christen geword het, het ek 'n tyd beleef waarin ek geen hoop vir die toekoms gesien het nie. Al wat ek my kon voorstel, was 'n wêreld wat binnekort deur die atoomwapens van die supermoondhede aan flarde geskiet sou word.

Trouens, was dit nie vir Jesus Christus se belofte van ingryping nie, is dít wat sou gebeur!

Vervolg op bladsy 20

God se beloftes

Deur Richard F. Ames

Die geestelike skatte in u Bybel is baie meer werd as enigiets fisies.

Jaag u daardie skatte na?

Rolprente, boeke en televisieprogramme prikkel die verbeelding wanneer hulle stories aanbied oor die soektog na verborge skatte. Die seerowers van ouds het fortuine in goud, silwer en juwele versamel. Sommige van hierdie rykdomme is tot vandag toe nog nie gevind nie. Daar is egter skatte wat baie meer waardevol is as enigiets wat u ook al in 'n verborge skatkis of in 'n gesonke seerowerskip kan raakloop. Daardie skatte is in u Bybel te vinde. Ons noem hulle die **beloftes van God** en hul waarde is onskatbaar!

Skrywer David MacDonald het meer as 40 jaar gelede 'n artikel geskryf met die titel "Oak Island's Mysterious Money Pit" (*Reader's Digest*, Januarie 1965). Dit vertel die storie van hoe die 16-jarige Daniel McGinnis in 1795 op Oak Island, suid van Halifax, Nova Scotia, gaan jag het. Hy het 'n holte van vier meter gevind, met 'n katrolstel wat van 'n oorhangende boom hang. Hy het die volgende dag saam met twee vriende teruggekeer om te begin grawe. Sowat 3,3 meter ondertoe, het hulle op 'n houtplank afgekom. Op omtrent 6,6 meter diep, het hulle op 'n tweede plank afgekom en op 10 meter op 'n derde plank. Die seuns het ophou grawe en teruggekeer na hul plase, maar

het nege jaar later weer teruggekeer en in alle erns begin grawe.

Hierdie keer het hulle 'n staalpen in die grond gesink, wat op 'n diepte van sowat 32 meter iets getref het wat hulle aanvaar het 'n skatkis moes wees. Hulle kon egter nie tot by die skat kom nie, en die volgende dag toe hulle terugkeer, was die hele skag vol water. Dit wou voorkom asof wie ook al die skat begrawe het, vindingryke ingenieurstegnieke aangewend het om vloedtonnels bokant die skat te bou, om sodoende te voorkom dat dit gevind sal word. Een beraming dui daarop dat dit 200 man minstens twee jaar sou neem om die ingewikkelde tunnelstelsel te bou.

McGinnis en sy vriende het gesterf sonder dat hulle ooit die skat kon bereik. Sedertdien het ander skattejagters miljoene dollar in die "geldgat" gestort en kon slegs drie skakeltjies van 'n goue ketting en 'n antieke stukkie perkament vind. Skattejagters vermoed egter steeds dat ongelooflike seerowerskatte daar begrawe kan wees – moontlik die buit van kaptein Kidd of van die berugte Swartbaard of selfs van die seerower Henry Morgan. Andere bespiegel weer dat die ingewikkelde skag Inka-skatte wat deur die Spaanse ontdekkingsreisigers gesteel is,

kan bevat, of selfs dat die Franse kroonjuwele wat eens aan Lodewyk die Sestiende en Marie Antoinette behoort het, daar begrawe mag wees.

Fortuinsoekers het vir meer as 200 jaar hul fortuine daar spandeer en hul lewens afgesloof om die skat van Oak Island te soek. Een skattejagter het glo opgemerk: "Ek het genoeg gesien om te weet dat daar 'n skat daar onder moet wees en ook genoeg om te weet dat niemand dit ooit sal vind nie."

'n Belofte van 'n ware skat

Daar is een skattejag wat altyd ongelooflike rykdom sal oplewer – mits u gewillig sal wees om u aan die soektog toe te wy. Daardie skattejag begin in u eie Bybel, waar ons wonderlike skatte van waarheid en die onskatbare waardevolle **beloftes van God** kan vind.

Indien u soos die meeste ander Afrikaans- of Engels-sprekende mense is, besit u heel waarskynlik reeds ten minste een Bybel. 'n Meningspeiling wat in 1993 deur die Princeton Navorsingsentrum gehou is, het bevind dat 93% van alle Amerikaners 'n Bybel besit en dat 27% van hulle vier of meer besit. In die VSA besit selfs meeste ateïste 'n Bybel per huisgesin. 'n Barna Navorsingsopname het in 2005 bevind dat 45% van Amerikaners die Bybel

minstens een maal per week lees. Daar is natuurlik talle mense – met inbegrip van baie lesers van die *Wêreld van Môre*-tydskrif – wat die Bybel daagliks lees. Net soos Jesus ons aangemoedig het om te bid: “Gee ons vandag ons **daaglikse** brood” (Mattheus 6:11), behoort ons **elke dag** op God se Woord te voed.

Indien u op soek is na 'n Bybel, of indien u probeer besluit watter een van u Bybels om te gebruik, beveel ons by *Die Wêreld van Môre* gewoonlik die Afrikaanse Ou Vertaling aan, of die *New King James*-weergawe, indien u na 'n Engelse Bybel soek, omdat dit oor die algemeen die akkuraatste vertalings is. Ander vertalings kan natuurlik ook van nut wees namate u dieper in u studie van die Bybel vorder.

Om egter slegs 'n Bybel te besit, is nie genoeg nie. Terwyl die meeste Amerikaners [en Suid-Afrikaners] een of meer Bybels besit, is hulle kennis van die Skrif maar beroerd. In 1997 het 'n Gallup meningspeiling bevind dat slegs 46% van Amerikaners al vier die Evangelies kon opnoem en slegs 42% kon vyf of meer van die Tien Gebooie opnoem.

Amerikaners is nie die enigste mense wat kontak met God se woord verloor het nie. 'n Meningsopname wat in 2004 in Groot Brittanje gehou is, het bevind dat die Britte God se Gebooie vergeet. In 'n artikel, “*The (forgot)ten commandments*” berig Jeremy Reynolds: “Volgens 'n nuwe Britse meningspeiling, vergeet die land baie vinnig die Tien Gebooie. Slegs drie van die Wette – wat

op kliptafels aan Moses oorhandig is in die tyd van die Ou Testament – was enigszins sigbaar in die opname... Minder as die helfte van die bevolking het die waarskuwings om nie te steel, te moor, of om nie egbreuk te pleeg nie, onthou, maar dit wil voorkom asof gebooie soos 'Jy mag die Naam van die HERE jou God nie ydellik gebruik nie', vinnig besig is om 'n veraf herinnering te word. Slegs 9% van diegene wat aan die opname deelgeneem het, het die gebod om nie valse getuienis te gee nie (nie te lieg nie) onthou. Die gebod wat die swakste onthou word, is: 'Gedenk die Sabbatdag dat jy dit heilig', wat deur slegs 4% van deelnemers aan die opname korrek geïdentifiseer is” (*London Assist News Service*, 17 September 2004).

Net soos baie Amerikaners en Britte, behoort baie van ons ook terug te keer na die geloof van die Bybel! Ons behoort die Bybel **te lees** – en die Bybel **te bestudeer**. Om dit te doen, sal help om u oë te open vir die groot waarhede van God. Een van daardie groot waarhede is dat God **belowe** het om aan ons die ewige lewe te skenk. In Mattheus het 'n jong man aan Jesus gevra wat hy moes doen om die ewige lewe te verkry. Jesus antwoord: “As jy in die lewe wil ingaan, onderhou die gebooie. Hy vra Hom: Watter? En Jesus sê – dit: Jy mag nie doodslaan nie, jy mag nie egbreuk nie, jy mag nie steel nie, jy mag geen valse getuienis gee nie; eer jou vader en moeder; en: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself” (Mattheus 19:17-19).

Jesus het die jong man

aangesê om die Tien Gebooie te gehoorsaam! Hy het vervolgens vyf van die Tien Gebooie opgenoem – en in geval enigiemand sou wou dink dat Hy toestemming verleen het dat die ander maar verbreek mag word, het Hy geëindig deur uit Levitikus aan te haal: “Jy moet jou naaste liefhê soos jouself” (Levitikus 19:18).

Hier het Jesus aangetoon dat die Tien Gebooie nie net noodsaaklik is tydens ons fisiese lewens nie, maar ook wanneer ons die ewige lewe van God ontvang. Ons moet daarop let dat die Tien Gebooie nie net verbodsbepalings bevat nie; die Vyfde Gebod word selfs die “eerste gebod met 'n **belofte**” genoem (Efesiërs 6:2). God sê aan ons dat diegene wat die Vyfde Gebod gehoorsaam, seëninge sal ontvang!

Die jong man in Mattheus 19 het ongelukkig “bedroef weggegaan” (vers 22) en verkies om nie gehoor te gee aan Christus se woorde nie. Hy was te geheg aan sy “baie besittings” en het nie besef dat hy nóg die Tien Gebooie, nóg Jesus Christus, wat aan hom daardie gebooie gegee het, gehoorsaam het nie.

God se belofde Koninkryk

Fortuinsoekers kan 'n hele leeftyd spandeer om rykdomme te soek. Baie misluk, maar selfs al is hulle suksesvol, wat het hulle eintlik bereik? Sal hulle soos die ryk jong man van Mattheus 19 wees wat meer waarde aan sy rykdom as aan sy God heg? In teenstelling daarmee, soek Jesus se volgelinge 'n ewige skat – die Koninkryk van God. Christene

behoort God met meer ywer te soek as wat fortuinsoekers na skatte van goud en juwele soek. Jesus sê: “Maar soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word” (Mattheus 6:33). Diegene wat fisiese, tasbare skatte soek, faal dikwels in hul soektog. As ons egter God se Koninkryk en Sy geregtigheid soek, sal ons die grootste skat van alles vind – en God het **boonop belooft** om in al ons behoeftes te voorsien.

Wanneer ons werklik na God se wil soek, sal Hy ons gebede verhoor. “Bid, en vir julle sal gegee word; soek, en julle sal vind; klop, en vir julle sal oopgemaak word. Want elkeen wat bid, ontvang; en hy wat soek, vind; en vir hom wat klop, sal oopgemaak word. Of watter mens is daar onder julle wat, as sy seun hom brood vra, aan hom 'n klip sal gee; en as hy 'n vis vra, aan hom 'n slang sal gee? As julle wat sleg is, dan weet om goeie gawes aan julle kinders te gee, hoeveel te meer sal julle Vader wat in die hemele is, goeie dinge gee aan die wat Hom bid!” (Mattheus 7:7-11).

Ons moet natuurlik ook ons deel doen. Ons moet “soek” en “klop.” Is u op soek na 'n betrekking? Ja, u moet bid vir daardie betrekking. God mag egter ook van u verwag om navorsing te doen oor potensiële werkgewers en om 'n paar oproepe te maak. Soek God se geregtigheid en tree dan met geregtigheid op – deur God se Gees.

Die Bybel vergelyk God se koninkryk met 'n waardevolle pêrel. “Verder is die koninkryk van die hemele soos 'n koopman

wat mooi pêrels soek; en toe hy een baie kosbare pêrel kry, gaan hy weg en verkoop alles wat hy het, en koop dit” (Mattheus 13:45-46). Die baie kosbare pêrel verteenwoordig geestelike rykdom. Mense leer steeds die harde les dat geen hoeveelheid stoflike rykdom blywende geluk kan bring nie. Ons sien dit in die lesse wat koning Salomo geleer het. Hy het alles besit, maar regdeur die boek Prediker vind ons herhaaldelik dieselfde tema: “Alles tevergeefs ... dit is alles tevergeefs” (Prediker 1:2). Salomo was die rykste man op aarde, maar sy rykdom het hom geen bevrediging verskaf nie. Nadat hy geluk op baie verskillende maniere gesoek het, wat was sy gevolgtrekking? “Die hoofsaak van alles wat gehoor is, is: Vrees God en hou sy geboeie; want dit geld vir alle mense” (Prediker 12:13).

Soos Christus ons leer en soos Salomo ondervind het, is ware rykdom beskikbaar, selfs ook aan diegene wat finansiële arm is. Is u ook een van dié mense wat eer en aandag skenk aan mense met 'n stewige bankbalans, terwyl u daardie mense met finansiële probleme ontken? Verwaarloos u daardie mense aan wie God eer gee? Die apostel Jakobus herinner ons: “Luister, my geliefde broeders – het God nie die armes van hierdie wêreld uitverkies as rykes in die geloof en erfgename van die koninkryk wat Hy **belooft** het aan die wat Hom liefhet nie?” (Jakobus 2:5).

God het nie **Sy Koninkryk belooft** aan diegene met groot finansiële vermoëns nie, maar eerder aan dié wat Hom liefhet. Alhoewel hulle arm mag wees in

die oë van die wêreld, besit diegene wat ryk is in die geloof, die ware rykdom – die ware skat. Hulle streef God se weg in hul lewens na. God se weg is 'n skat, soos ons in Spreuke lees: “My seun, as jy my woorde aanneem en my geboeie by jou bewaar, sodat jy jou oor laat luister na wysheid, jou hart neig tot verstand; ja, as jy na die insig roep, na die verstand jou stem verhef, as jy daarna soek soos na silwer en dit naspour soos verborge skatte, dan sal jy die vrees van die HERE verstaan en die kennis van God vind (want die HERE gee wysheid, uit sy mond kom kennis en verstand” (Spreuke 2:1-6).

Diegene wat die skat van goddelike wysheid ontvang, ontvang **wonderlike beloftes** wat hul lewens – en hul ewigheid – kan verander. Soos die apostel Petrus skryf: “Mag genade en vrede vir julle vermeerder word deur die kennis van God en Jesus, onse Here! Immers, sy goddelike krag het ons alles geskenk wat tot die lewe en godsvrug dien, deur die kennis van Hom wat ons geroep het deur sy heerlijkheid en deug, waardeur Hy ons die grootste en kosbare **beloftes** geskenk het, sodat julle daardeur deelgenote kan word van die goddelike natuur, nadat julle die verdorwenheid ontvlug het wat deur begeerlikheid in die wêreld is” (2 Petrus 1:2-4).

God se belofte aan u en u kinders

Begeer u die goddelike aard in u lewe? Christene wat God se Heilige Gees ontvang het, het reeds in 'n mate van daardie goddelike aard of natuur

ontvang. Dit is een van die Bybel se **heel kosbaarste beloftes**. Op Pinksterdag het die apostel Petrus voor duisende mense gestaan om te preek: “En Petrus sê vir hulle: Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang. Want die **belofte** kom julle toe en julle kinders en almal wat daar ver is, die wat die Here onse God na Hom sal roep” (Handelinge 2:38-39).

Soos Petrus gesê het, **kom God se beloftes “julle toe en julle kinders** en almal wat daar ver is, die wat die Here onse God na Hom sal roep.” Indien God u roep, behoort u op Sy roeping te reageer. Bekeer u, bereken die koste van toewyding aan Hom (Lukas 14:28), gaan dan in gebed na God en vra vir Sy leiding. U voel dalk gereed om gedoop te word. Indien u berading rakende die doop verlang, kontak gerus ons streekkantoor wat op bladsy 2 van hierdie tydskrif gelys is en 'n ware leraar van Jesus Christus sal met u in aanraking kom, op 'n tyd en plek wat u pas, om met u te gesels en u te help om voor te berei vir die doop.

Ons kan nie God se Koninkryk sonder Sy Gees beërwe nie. Soos die apostel Paulus skryf, is daardie Gees 'n gees van “krag en liefde en selfbeheersing” (2 Timotheus 1:7). Deur God se Gees kan u menslike aard verander word en kan u werklik begin om God te volg en Hom gehoorsaam te wees. Soos Paulus skryf: “En die hoop beskaam nie, omdat die liefde van God in ons harte uitgestort is deur die Heilige Gees wat aan ons gegee is”

(Romeine 5:5). Deur God se Heilige Gees, kan u u eie selfsugtige menslike aard vervang met God se liefdevolle aard.

Christene ontvang die gawe van God se Heilige Gees, **ingevolge Sy belofte**, na berou tot bekering en die aanvaarding van Christus se gestorte bloed vir die kwytskelding van ons sondes. Hierdie gawe sluit God se wonderlike **belofte van saligmaking** in deur die lewende Jesus Christus. “Want toe ons nog swak was, het Christus op die regte tyd vir die goddelose gesterwe. Want nouliks sal iemand vir 'n regverdigte sterwe – vir 'n goeie mens sal iemand miskien nog die moed hê om te sterwe – maar God bewys sy liefde tot ons daarin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was. Veel meer dan sal ons, nou dat ons geregverdig is in sy bloed, deur Hom gered word van die toorn. Want as ons, terwyl ons nog vyande was, met God versoen is deur die dood van sy Seun, veel meer sal ons deur sy lewe gered word nou dat ons versoen is” (Romeine 5:6-10). Ja, **God se ontsagwekkende belofte** is dat Hy ons sal red deur die lewende Jesus Christus!

Soos ons gesien het, is die Bybel 'n **skatkis vol goddelike beloftes**. Een van die heel kosbaarste beloftes, maar ook die een wat die meeste misgekyk word, vind ons in die brief aan die Filippense. Indien u vrede in u gemoed wil hê, **sal u op hierdie belofte wil reageer**. “Wees oor niks besorg nie, maar laat julle begeertes in alles deur gebed en smeking met danksegging bekend word by

God. En die vrede van God, wat alle verstand te bowe gaan, sal julle harte en julle sinne bewaar in Christus Jesus” (Filippense 4:6-7).

Net soos Salomo ontdek het, kan al die rykdom en skatte van hierdie wêreld nie vir u vrede in u gemoed koop nie. God kan u egter Sy vrede gee, wat “alle verstand te bowe gaan.” Hoe kan u hierdie belofte opeis? Deur innige, vurige gebed. Soos wat u die Bybel lees, sal u **tallose beloftes** vind wat God aan u gemaak het. In gebed, op u knieë, kan u God vertel hoe graag u dit wat Hy beloof het, wil bekom – hoe dringend u dit nodig het. Bid met vrymoedigheid. Onthou die skriftuur: “Laat ons dan met vrymoedigheid na die troon van die genade gaan, sodat ons barmhartigheid kan verkry en genade vind om op die regte tyd gehelp te word” (Hebreërs 4:16).

Christene kan met vrymoedigheid bid, want hulle weet dat hulle 'n groot Hoëpriester het wat om hul onthalwe sal intree. God is liefde en Hy is ook die grootste gewer (Jakobus 1:17). Hy wil ons selfs die aarde as erfenis gee (Mattheus 5:5). God beplan om ons uiteindelik nog 'n groter geskenk te gee: “Hy wat oorwin, sal alles beërwe; en Ek sal vir hom 'n God wees, en hy sal vir My 'n seun wees” (Openbaring 21:7).

God se beloftes is vir u. Deursoek u Bybel daagliks en namate u daagliks nader aan God beweeg, bedank Hom vir die baie groot en waardevolle skatte – met inbegrip van God se egte waarheid – wat Hy wil hê u moet besit, nou en in die Wêreld van Môre. 

Vervolg vanaf bladsy 7 – Hoofartikel

Ja, die Bybel bedoel werklik wat dit sê en dit sê wat dit bedoel! Mag God **u** help om bereid te wees om u gemoed ontvanklik te maak en vir uself te **bewys** dat die Bybel inderdaad die geïnspireerde Woord *van God* is. Ons moet die slim argumente en “woordspeletjies” vermy wat dikwels aangewend word deur diegene wat hul

gerieflike ou idees wil behou, ongeag hoe onbybels dit is. In die meeste gevalle, moontlik sonder dat hulle dit agterkom, is hulle soos die Fariseërs van Jesus se tyd wat **Hom** en Sy ware leringe **verwerp** het, “want hulle het die *eer van die mense* **meer** liefgehad as die eer van God” (Johannes 12:43).

Mag God u die begrip, die

geloof en die moed gee om die intellektuele en geestelike energie te bestee om agter die **Waarheid** te kom van wat die Bybel werklik sê. Mag Hy u ook lei om waarlik te **reageer** op hierdie kennis in die vrees van die ware God wat aan ons lewe en asem en elke goeie gawe gee. **WvM**

Vervolg vanaf bladsy 15 – Hoe die Bybel u kan help

Jesus Christus sal na hierdie aarde terugkeer om ons (die wêreld) van onself te red. Indien u u Bybel lees en glo wat God sê, kan u hoop hê vir die toekoms – **u** toekoms.

Bybelprofesie onthul hoe God in wêreldgebeure sal ingryp. Bybelprofesie gee ons ook die goeie nuus van ons uiteindelijke lotsbestemming. Ons het reeds gesien dat dit God se doel is om ons voor te berei vir Sy Koninkryk hier op aarde! Ware Christene sal vir 'n duisend jaar lank saam met Christus as konings en priesters regeer. Ware Christene sal verander word – in God se Koninkryk ingebore word – met die opstanding uit die dood. Dit kan **u** toekoms wees. Die apostel Paulus skryf oor die opstanding – die glorieryke gebeurtenis met Christus se Wederkoms, wanneer ware Christene onsterflikheid sal ontvang en die Koninkryk van God sal beërwe: “Maar dit verklaar ek, broeders, dat vlees en bloed die koninkryk van God nie kan beërwe nie; ook beërwe die verganklikheid nie die onverganklikheid nie. Kyk, ek deel julle 'n verborgenheid mee: Ons sal wel nie almal ontslaap nie, maar ons sal almal verander word, in 'n oomblik, in 'n oogwink, by die laaste basuin; want die basuin sal weerklink, en die dode sal onverganklik opgewek word; en ons sal verander word” (1 Korinthiërs 15:50-52).

Indien u 'n gereelde leser van *Die Wêreld van Môre* is, is u vertrouwd met die raamwerk van Bybelprofesie en sal u weet dat toe Paulus geskryf het van die “laaste basuin”, hy geskryf het van die sewende basuin of trompet, waarvan in Openbaring 11 gepraat word. Daardie basuin

kondig Christus se Wederkoms aan, om oor al die nasies te regeer: “En die sewende engel het geblaas, en daar was groot stemme in die hemel wat sê: Die koninkryke van die wêreld het die eiendom van onse Here geword en van sy Christus, en Hy sal as Koning heers tot in alle ewigheid” (Openbaring 11:15).

Wat 'n glorieryke toekoms beloof God ons! Na die opstanding sal ons onsterflik wees. Soos Paulus skryf: “Want hierdie verganklike moet met onverganklikheid beklee word, en hierdie sterflike moet met onsterflikheid beklee word. En wanneer hierdie verganklike met onverganklikheid beklee is en hierdie sterflike met onsterflikheid beklee is, dan sal vervul word die woord wat geskrywe is: Die dood is verslind in die oorwinning” (1 Korinthiërs 15:53-54).

Dit is God se begeerte dat elke mensewese vir ewig in Sy gesin sal wees. Dit is 'n glorieryke toekoms. Indien God u nou roep, moet u kennis dra van daardie toekoms en daarvoor voorberei!

In hierdie artikel het ons kortliks vyf Bybelse voordele bespreek – vyf maniere hoe die Bybel u kan help. Daar is baie ander maniere waarop die Bybel u kan help – en u sal hulle almal ontdek as u Bybelstudie deel van u daaglikse lewe maak. Die Bybel is nie net 'n boek vir vandag nie, dit is ook 'n boek vir die toekoms. Soos Jesus in Lukas 21:33 sê: “Die hemel en die aarde sal verbygaan, maar my woorde sal nooit verbygaan nie.” Dank God dat Hy met ons die waarheid en doel van die lewe gedeel het. U sal meer aangaande daardie lewe – en aangaande u toekoms – leer, namate u u Bybel bestudeer. **WvM**

Vrae & Antwoorde

Vraag: Jesus Christus het gesê: “’n Nuwe gebod gee Ek julle, dat julle mekaar moet liefhê; soos Ek julle liefgehad het, moet julle ook mekaar liefhê” (Johannes 13:34). Vervang hierdie nuwe gebod die Tien Gebooe?

Antwoord: Dit is jammer dat selfs baie mense wat hulself Christene noem, glo dat Jesus se “nuwe gebod” die gebooe *vervang* wat Hy regdeur Sy bediening onderhou en onderrig het. Indien ons egter Jesus se leringe bestudeer, sal ons die waarheid van die saak verstaan.

Jesus sê in Sy “Bergpredikasie”: “Moenie dink dat Ek gekom het om die wet of die profete te ontbind nie. Ek het nie gekom om te ontbind nie, maar om te vervul. Want voorwaar Ek sê vir julle, voordat die hemel en die aarde verbygaan, sal nie een jota of een titteltjie van die wet ooit verbygaan totdat alles gebeur het nie” (Mattheus 5:17-18).

Wat het Jesus bedoel toe Hy gesê het dat Hy gekom het om die Wet te “vervul”? Beteken “vervul” “wegdoen”? Nee! Jesus se nuwe gebod het die Wet vervolmaak, daaraan ’n geestelike uitbreiding verleen wat dit nie van tevore gehad het nie. Let daarop dat Jesus in die daaropvolgende paar verse uitbrei op die geestelike bedoeling van God se gebooe. Moord is ’n sonde, maar haat is die gees van moord en is ook ’n sonde. Egbreek is ’n sonde, maar eweneens is wellus – die hunkering om egbreuk te pleeg (Mattheus 5:21-28). Ons kan dus sien dat Jesus nie weggedoen het met die Tien Gebooe nie; Hy het hulle ’n integrale deel van Christendom gemaak. Soos Hy inderdaad vir ons sê: “Maar as jy in die lewe wil ingaan, onderhou die gebooe” (Mattheus 19:17).

Toe Jesus die gebod gegee het om “mekaar lief te hê”, het Hy ’n nuwe gebod gegee? Baie mense is verbaas om tot die besef te kom dat die gebod wat sê “jy moet jou naaste liefhê soos jouself”, uit die Ou Testament kom (Levitikus 19:18).

Wat was dus nuut omtrent Jesus se gebod om mekaar lief te hê? Let daarop dat nadat Jesus vir Sy dissipels gesê het om mekaar lief te hê, Hy ’n nuwe dimensie daarby gevoeg het – hulle moes

mekaar liefhê “soos Ek julle liefgehad het” (Johannes 13:34).

Wat het Jesus se liefde anders gemaak? Die bron van Jesus se liefde was die Heilige Gees (Romeine 5:5), wat Christus belof het aan die dissipels gegee sou word na Sy dood en opstanding (Johannes 14:16-17). Daardie selfde aand het Jesus Sy dissipels beveel om “in my liefde [te] bly” (Johannes 15:10). God se goddelike liefde sou gou daarna in hulle wees om hulle te help om Christus se voorbeeld te volg. Tot tyd en wyl Christus nie die gawe van die Heilige Gees beskikbaar gestel het nie, kon die dissipels mekaar slegs met menslike liefde liefhê. Deur die Heilige Gees, kan Christene mekaar met God se eie liefde liefhê. “Hieraan sal almal weet dat julle my dissipels is, as julle liefde onder mekaar het” (Johannes 13:35).

Regdeur Sy lewe op aarde, het Jesus Christus getoon hoe God se liefde eintlik werk. Selfs ten tye van Sy dood, het Christus algehele liefde vir Sy vyande getoon deur te bid. “Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie” (Lukas 23:34). Oomblikke voordat Hy Sy “nuwe gebod” gespreek het – tydens Sy laaste Pasgemaal voor Sy kruisiging – het Christus die voetwaseremonie ingestel, wat Christene herinner om lewens van onderdanigheid, diens en liefde te lei. Jesus het altyddeur ’n lewe van gehoorsaamheid aan die geestelike bedoeling en doel van God se Wette gelei. Christus se liefde, gehoorsaamheid en geloof jeens Sy Vader, het die eerste vier van die Tien Gebooe vervat. Sy liefde, diens en spontane besorgdheid vir andere, het die laaste ses van die Tien Gebooe vervat.

Indien u meer te wete wil kom oor wat die bedoeling van die Tien Gebooe in die lewe van hedendaagse Christene is, vra asseblief vir u gratis eksemplaar van ons boekie, *Die Tien Gebooe*.

Profesie neem

Amerikaanse poorte in gevaar!

Een van die groot profetiese beloftes wat God aan Abraham gemaak het, was: "Jou nageslag sal die *poort* van sy vyande in besit neem" (Genesis 22:17). Hierdie selfde belofte is aan Rebekka herhaal toe sy ingestem het om met Abraham se seun Isak te trou: "Mag jou nageslag die *poort* van sy vyande in besit neem" (Genesis 24:60). Die Hebreeuse woord wat as "poort" vertaal word, is *shaar*, wat ook ingang, stad of hawe kan beteken (*Strong's Exhaustive Concordance*, #8179). Hierdie antieke profesieë is in die afgelope twee eeue vervul toe Amerika en Brittanje beheer verkry het van die wêreld se belangrikste seepoorte. Dit het ook ander profesieë vervul, naamlik dat die nageslag van Abraham se kleinseuns, Manasse en Efraim, 'n groot nasie en 'n groot menigte van nasies sou word (Genesis 48:14-22).

Hierdie unieke nasionale seëninge was aan Sy uitverkore volk (Deuteronomium 7:6) gegee met *spesifieke voorwaardes*. God het duidelik die Israelitiese nasies – wat die geboorteregbeloftes sou ontvang het (Genesis 25:31-34; 1 Kronieke 5:1-2) – deur Moses gewaarsku dat ongehoorsaamheid ernstige gevolge sou meebring: "Maar as julle nie na My luister en al hierdie geboeie nie doen nie; en as julle my insettinge verwerp, en as julle siel van my verordeninge 'n afsku het ... Ek sal my aangesig

teen julle rig, sodat julle voor jul vyande verslaan word; en julle haters sal oor julle heers ... Ek sal julle trotse mag verbreek ... Ek sal julle stede puinhope maak" (Levitikus 26:14-19, 31). God waarsku voorts: "Omdat jy die HERE jou God nie met vreugde en vrolikheid ... gendien het nie ... sal jy jou vyand wat die HERE teen jou sal stuur, dien ... hulle sal jou *in benoudheid bring in al jou poorte* in jou hele land wat die HERE jou God jou gegee het ... *jou vyand [sal] jou in al jou poorte benoud ... maak*" (Deuteronomium 28:47-55). Die Bybel openbaar dat die unieke seëninge wat God belof het om aan Sy uitverkore volk te skenk, *teruggetrek* sou word as hulle Sy wette en opdragte verag. Hierdie profesieë *neem nou gestalte aan!*

Beërf die seëninge

Die geskiedenis toon hoe die belangrike seepoorte van die wêreld in die hande van die VSA en Brittanje beland het, en hoe hierdie poorte besig is om weggeneem te word. In 1774 het Brittanje besit geneem van Gibraltar, aan die suidelike punt van die Iberiese skiereiland, by die ingang na die Middellandse See. Brittanje het sedert die vroeë 1800's toesig gehad oor die Straat van Hormoes – die noodsaaklike toegang tot die Persiese Golf. In 1814 het Brittanje die Kaapkolonie gestig wat die roete om die punt van Suid-Afrika beheer. Die Britte het Singapoer in die 1820's

gestig, wat die Straat van Malakka beheer. In die 1830's het Brittanje beheer verkry oor die Falkland Eilande wat die ingang vanaf die Atlantiese Oseaan tot die punt van Suid-Amerika bewaak. In 1839 het Brittanje die hawestad Aden in Jemen verkry en sodoende beheer oor toegang tot die Rooi See verkry. Hoewel die Franse die Suezkanaal in die 1850's gebou het, het Brittanje in die 1880's beheer daarvoor verkry en dit tot die 1950's behou.

Laastens kan die belangrikheid van die Verenigde State se waardevolste seepoort, die Panamakanaal, nie oorbeklemtoon word nie. Dit is in 1914 onder die beheer van die Verenigde State, wat dit vir meer as 80 jaar behou het, geopen.

Wêreldlike geskiedskrywers skryf hierdie gebiedsverkrygings toe aan die toenemende mag van Amerika en die Britse Ryk. Tog was dit nie per ongeluk of blote toeval dat Brittanje en die VSA gedurende die laaste 200 jaar beheer verkry het oor byna al die wêreld se belangrikste seepoorte nie. Die Bybel openbaar dat God Sy uitverkore volk *beloon* het met die geboorteregseëninge wat vir byna 2 520 jaar weerhou was. Dit was aan die antieke Israeliete vertel dat, as hulle aan God ongehoorsaam was, Hy hulle "sewewoudig" vir hul sondes sou tugtig (Levitikus 26:18). Die profetiese "dag vir 'n jaar" beginsel dui daarop dat dit 'n tugging bedoel wat 7 x 360

gestalte aan

jaar – 2 520 jaar – sou duur (sien Esegïel 4:6; Daniël 4:25; Openbaring 12:14; 13:5). Die antieke nasie Israel het ongeveer in 720 v.C. weens hulle nasionale sondes in ballingskap gegaan. 'n Straf wat 2 520 jaar sou duur, bring ons by 1800 n.C. – die tyd toe hierdie gebiedsverkrygings 'n aanvang geneem het – wat die antieke beloftes wat aan Abraham se nasate gemaak is, vervul.

Verloor beheer

Die prentjie het egter sowat 50 jaar gelede begin verander. Die geskiedenis boekstaaf hoe Brittanje en Amerika beheer begin verloor het oor al die strategiese poorte wat God aan hulle gegee het. In die 1950's het Egipte die Suezkanaal genasionaliseer en die Britte verdryf. In die 1960's het Jemen die Britte uit die hawestad Aden verdryf. In die 1980's het Argentinië oorlog met Brittanje gevoer oor aansprake op die ryk oliereserwe van die Falkland Eilande. Brittanje ondervind sedert die 1960's gereelde druk om Gibraltar terug te plaas onder Spaanse beheer. In die 1970's het Brittanje uit Singapoer begin onttrek. China het in die daaropvolgende jare aansienlike ekonomiese steun toegesê aan nabygeleë Burma – 'n land met houthulpbronne, natuurlike gas en 'n strategiese ligging aan die Indiese Oseaan naby die Straat van Malakka – toegangspoort vir 80% van China se olie-invoere. In 1999 het Amerika beheer oor die Panamakanaal aan Panama

oorgedra – en 'n groot Chinese korporasie het spoedig aan beide kante van die Kanaalgebied begin handel dryf. Die beheer van die wêreld se belangrikste seepoorte het in die laaste 50 jaar uit die hande van Brittanje en Amerika geglip – net soos Bybelprofesieë van ouds voorspel het!

Die VSA verloor nie net sy seepoorte aan buitelandse teenstanders nie. In 2005 het twee groot orkane die Amerikaanse Golfgebied getref. Dit het hawefasiliteite rondom New Orleans verwoes en wydverspreide skade aan fasiliteite vir gas- en olieproduksie in die omgewing aangerig. Die hawe van Suid-Louisiana strek sowat 80 kilometer vanaf New Orleans in die Mississippi Rivier op. Dit is die grootste hawe in die Verenigde State en die vyfde grootste hawe in die wêreld. Meer as 60% van Amerika se handel gaan deur hierdie hawe – met inbegrip van die grootste gros van die graan wat die land uitvoer. In die vroeë 1800's het Andrew Jackson die Britte die stryd aangesê oor beheer van New Orleans, omdat hy begryp het wat die strategiese belang van hierdie “seepoort” vir die toekoms van die Amerikaanse nasie ingehou het. Namate die hawefasiliteite rondom New Orleans na die orkane herstel word, is die VSA se militêre ingenieurs intussen bekommerd dat die Mississippi-rivier in die toekoms van koers kan verander. Dit sal die hawe van Suid-Louisiana nutteloos maak!

Amerika en Brittanje vind ook dat hul grootste hawens vanuit 'n ander oord bedreig word. Amerikaners was in onlangse maande verras om te hoor dat hul regering die oordrag van beheer oor verskeie belangrike hawens aan 'n buitelandse maatskappy met sy hoofkantoor in 'n land wat bande met terroriste het, goedgekeur het. Hierdie transaksie is in die kiem gesmoor toe kwessies van nasionale veiligheid aan die lig gebring is. Sommige mense bly egter bekommerd dat buitelandse maatskappye voortgaan om verskeie van die VSA se vlootfasiliteite oorsee te bestuur. Die Britse regering het ook belangrike “toevertroude hawens” wat in regeringsbesit was, aan privateienaars oorgedra, wat 'n wesenlike risiko vir die nasionale veiligheid van Brittanje kan inhou.

Net soos in die Skrif voorspel is, het die Verenigde State en Brittanje wêreldmagte geword, namate hulle beheer oor die strategiese seepoorte van die wêreld verkry het. Die verlies aan beheer oor hierdie geopolitiese belangrike plekke die afgelope 50 jaar val saam met groeiende verwêreldliking en openlike verwerping van God se Wette deur groot dele van die bevolking in beide lande. God het Sy mense lank gelede gewaarsku teen die “beleëring ... in al jou poorte” as hulle ongehoorsaam is. Hierdie sombere profesieë neem nou gestalte aan!

—Douglas S. Winnail

Wie besluit wat is reg of verkeerd?

Om te doen wat reg is en om dit wat verkeerd is agter te laat, was nog altyd 'n uitdaging, maar vir vandag se jeug is dit 'n reuse uitdaging om selfs net te weet wat die verskil tussen die twee is. Ongelukkig is hierdie probleem nie net beperk tot die jeug nie, en wanneer volwasse nes morele waarheid nie behoorlik kan verdedig nie, is dit geen wonder dat hul kinders hulle in 'n morele “niemandslaan” tussen reg en verkeerd bevind nie. Let op die volgende uit *The Barna Update* (3 November 2003):

Van die tien morele optredes wat evalueer is, het 'n meerderheid van Amerikaners geglo dat drie van die aktiwiteite moreel aanvaarbaar is. Dit het ingesluit dobbel (61 persent), saamwoon [voor die huwelik] (60 persent) en seksuele fantasieë (59 persent). Bykans die helfte van die volwasse bevolking het gevoel dat twee ander optredes moreel aanvaarbaar is: om 'n aborsie te ondergaan [om jou eie ongebore kind te vermoor] (45 persent) en om 'n seksuele verhouding te hê met iemand van die teenoorgestelde geslag buiten hul eggenoot [owerspel] (42 persent).

Barna berig verder dat

saamwoon aanvaarbaar geag is deur 49 persent – bykans die helfte – van almal wat hulself “wedergebore Christene” noem. Dit is 'n duidelike aanduiding dat morele relativisme algemeen geraak het en dat dit God vervang as die arbiter van reg en verkeerd. In Westersenasies glo die meerderheid van mense nie meer dat God 'n objektiewe en absolute waarheid vir almal omskryf nie. Pleks daarvan glo die meeste mense dat individue hul eie waarhede moet omskryf, wat subjektief en volgens omstandighede is. Watter siening is korrek? Hoe kan jy weet? Is moderne maatskaplike filosowe korrek wanneer hulle aanvoer dat waarheid van persoon tot persoon verskil – dat daar geen volstrekteheid is nie en dat daar geen objektiewe waarheid is nie? Of is daar 'n objektiewe morele waarheid, onthul deur 'n absolute Skeppergod, wat op alle mense en alle generasies van toepassing is?

Baie mense het nie besef dat die Bybel 'n objektiewe manier gee om te weet wat die antwoord is nie. Die woorde van daardie merkwaardige boek vertel ons dat die waarheid objektief, volstrek en dieselfde vir alle mense en generasies is (Psalm 117; 100:5; 119:30). Verder leer dit ons *hoe* ons dit as waar kan bewys.

Jesus waarsku: “Maar pas

op vir die valse profete wat in skaapsklere na julle kom en van binne roofsugtige wolwe is” (Mattheus 7:15). Sekulêre vals profete het gepoog om die mensdom te “bevry” van wat hulle dalk “onderdrukking” of “bedwinging” noem – maar indien ons eerlik wil wees, moet ons erken dat dit waarvan hulle ons wil bevry, juis God se Wet is soos dit in die Bybel omskryf word! Hierdie “bevryders” het egter 'n probleem, soos die apostel Petrus verduidelik: “Want deur trotse woorde vol onsin uit te spreek, verlok hulle deur begeerlikhede van die vlees en ongebondenheid dié wat ... in dwaling wandel. Hulle belowe vryheid aan hulle, terwyl hulle self slawe van die verdorwenheid is; want waar 'n mens deur oorwin is, daarvan het hy ook 'n slaaf geword” (2 Petrus 2:18-19).

Jesus Christus onderrig ons hoe om die verskil te ken tussen 'n vals profeet en een wat die waarheid verkondig: “So sal julle hulle dan aan hul vrugte ken” (Mattheus 7:15-20). Wanneer 'n eksperiment in ons wetenskaplike era keer op keer misluk, sal die resultaat aangeteken word en die eksperiment laat vaar word. Waarom weier hedendaagse maatskaplike ingenieurs dan om die mislukking van so baie van hul maatskaplike eksperimente te erken – en, trouens,

gaan hulle voort om hul mislukte idees te bevorder?

Freud, Kinsey en 'n trop soortgelyke sekulêre profete het 'n boodskap van vryheid van seksuele selfbeheersing verkondig. Vir dekades het hul dissipels voortgegaan om oor God se wette van seksuele reinheid te filosofeer, te redeneer, te eksperimenteer, dit te verkleineer en daarteen te preek. Indien, soos hulle sê, ons slegs vry sal wees as ons alle selfbeheersing afskud, waarom sien ons dan soveel hartseer, swaarkry en dood weens navolging van hul misleide amoraliteit? Indien ons die wetenskaplike metodiek volg, deur die resultate van hul eksperimente te evalueer, wat moet ons logiese afleiding wees? Enige opregte en objektiewe waarnemer kan uit ervaring sien dat wanneer 'n samelewing homself oorgee aan losbandige gedrag, die gevolge die volgende is: seksueel oordraagbare siektes, ongewenste babas, deurmekaar en verwarde gesinsverhoudings en wanaangepaste kinders – en dood weens selfmoord, siekte en moorddadige “liefdesdriehoekes”.

Kan 'n man homself werklik “bevry” noem wanneer sy liggaam 'n ongeneeslike seksueel oordraagbare siekte het? Weet 'n vrou wat dit beteken om “vry” te wees wanneer sy met die skuld saamleef dat sy haar eie hulpelose ongebore baba vermoor het? En waar is die vryheid vir die onskuldige kinders wat geraak word deur hul ouers se “vryheid”? Party

van hulle leef met blindheid of ander geboortedefekte as gevolg van seksueel oordraagbare siektes. Ander word groot met net een ouer – of dalk drie of vier – weens hul ouers se versuim om 'n gesonde en liefdevolle huwelik te behou.

In vergelyking met God se Wet, is die persoonlike omskrywings van die waarheid ontoereikend. Soos skrywer Josh McDowell uitwys: “In die gedagtes van ons jeug, maak liefde seks 'reg'. Hulle glo dat ware liefde seks heeltemal moreel maak – selfs pragtig. Ek glo dat hulle wel reg is – liefde is die Bybelse standaard vir seks. Die probleem ... is dat ons jeug se vals standaard van liefde – een wat sê dat liefde seks sonder grense toelaat, buite God se definisie van liefde val” (*Right from Wrong*, bl. 152).

In vandag se samelewing neig oud en jonk eweneens om te dink aan liefde as 'n emosie of gevoel wat 'n mens ervaar, eerder as 'n opregte spontane besorgdheid wat 'n mens teenoor iemand anders toon. Met 'n misleide definisie vir “liefde”, is dit 'n kort tree na ander foute. “Liefde” sonder grense verwar die definisie en doel van die huwelik. “Meer as die helfte van ons jeug omskryf die huwelik en gesin in vloeibare, newelagtige terme ... sewe uit tien (69 persent) omskryf die gesin as 'mense wat saam woon' of 'mense wat dieselfde doelwitte en waardes het,' **definisies wat geen verbintenis, geen risiko inhou nie**” (*ibid.*, bl. 187, klem ons eie).

Verbasend genoeg het baie godsdiensteleiers hierdie verkeerde mentaliteit aange-

moedig, wat liefde sonder die wet bevorder, wanneer hulle volhou dat God se geboorte mee “weggedoen” en vervang is met “die wet van liefde”. Wanneer mense “liefde” in hul eie terme omskryf, eerder as deur God se Wet, gaan die Bybelse parameters vir seksualiteit – en inderdaad vir die waarheid self – gou verlore. Dit is geen wonder dat so baie kinders ongevalle raak van 'n wêreld wat nie weet waar om te soek na antwoorde op die lewe se belangrikste vrae nie.

God is nie skynsedig nie. Hy het seks geskep as 'n wonderlike geskenk wat, in die huwelik, geniet moet word tussen 'n man en 'n vrou wat hul lewens openlik tot mekaar verbind het. Hy weet dat liefde wonderliker is wanneer dit bewaar word vir daardie een spesiale persoon. Hy het van die begin af verklaar dat 'n paartjie eers man en vrou word, voordat hulle een vlees word (Genesis 2:24), en dat die huwelik “in alle opsigte eerbaar [moet] wees en die bed onbesmet; want God sal hoereerders en egbrekers oordeel” (Hebreërs 13:4).

Al hoe meer jongmense herken nou dat vandag se samelewing 'n gemors gemaak het en is op soek na 'n beter manier van doen. Hulle het die gevolge gesien van hedendaagse onsedelikheid en sê “Nee, dankie!” Hulle soek na ander jongmense wat volgens God se hoër standarde wil leef en deursoek die Skrif vir vaste bewysbare waarheid en pas die weg van God se Koninkryk **vandag** toe.

—Gerald Weston

Waarvoor ons staan

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif het 'n uitdruklike *sending* of opdrag. Daardie *sending* is om Jesus se opdrag, wat Hy *na Sy* opstanding aan Sy ware dienaars gegee het, uit te voer. Jesus het *hierdie opdrag* gegee en gewys dat dit van toepassing sou bly tot “aan die **voleinding** van die wêreld,” toe Hy gesê het: “Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld. Amen” (Mattheus 28:19-20).

“So, wat maak *jul* *sending* en *jul* begrip van Christus se opdrag anders as dié van die ‘algemene Christendom?’” sal sommige mense vra.

Die verskil is dat *ons werklik glo* dat Jesus **dit bedoel het** toe Hy aan Sy dienaars gesê het “leer hulle om **alles te onderhou** wat Ek julle beveel het.” Soos u weet, sal u die een voorbeeld na die ander vind waar “algemene” Christendom duidelik en beslis afwyk van dit wat Christus Sy oorspronklike dissipels geleer het!

Skokkend? Is dit *net* ek wat dit sê?

Nee, want interessant genoeg erken *dosyne* gesiene algemene teoloë en kerkgeskiedskrywers hierdie vreemde teenstrydigheid.

'n Welbekende Protestantse geskiedskrywer Jesse Lyman Hurlbut erken: “Vir vyftig jaar na Paulus se lewe hang daar 'n gordyn oor die kerk waardeur ons tevergeefs probeer loer; en wanneer dit uiteindelik lig, ongeveer 120 n.C. met die skrywes van die vroegste kerkvaders, vind ons 'n kerk wat in vele opsigte baie verskil van die kerk in Petrus en Paulus se dae” (*Story of the Christian Church*, bl. 41).

As die belydende Christelike kerk “baie verskil” van hoe dit in Petrus en Paulus se tyd was, moet iemand wat die saak eerlik ondersoek, vra: “**Waarom?**” Want die apostel Paulus het die Korintiërs opdrag gegee: “Wees my navolgers, **soos ek** dit ook van Christus is” (1 Korintiërs 11:1). En: “Jesus Christus is gister en vandag **dieselfde** en tot in ewigheid” (Hebreërs 13:8).

Dus moet die *ware* Christendom nooit sy basiese leringe en gebruike **verander** nie! *Dit is* egter **presies** wat *gebeur* het, soos Hurlbut en andere openlik erken.

Die welbekende filosoof en teoloog, Soren Kirkegaard, het geskryf: “Die Christenskap van die Nuwe Testament bestaan eenvoudig nie ... wat gedoen moet word, is om lig te werp op 'n kriminele oortreding teen Christendom wat deur die eeue voortgesit is, deur miljoene gepleeg is (party meer skuldig as ander), waardeur hulle skelm, onder die vaandel dat hulle Christenskap vervolmaak, daarna gestreef het om God stukkie vir stukkie uit Christendom te kul. Hulle het daarin geslaag om Christendom presies die teenoorgestelde te maak van wat dit in die Nuwe Testament is (*Attack Upon Christendom*, bl. 32-33).

Dit is **waarom** God die apostel Judas aan die einde van die Apostoliese tydperk geïnspireer het om te skryf: “Geliefdes, terwyl ek alle ywer aanwend om aan julle oor

ons gemeenskaplike saligheid te skrywe, het ek die noodsaaklikheid gevoel om julle deur my skrywe te vermaan om kragtig te stry vir die geloof wat eenmaal aan die heiliges oorgelewer is. Want sekere mense het ingesluip wat lank tevore al opgeskryf is vir hierdie oordeel, goddelose mense wat die genade van onse God verander in ongebondenheid, en die enigste Heerser, God, en onse Here Jesus Christus verloën” (Judas 3-4).

Judas sê mense moet “kragtig stry” of veg vir die “geloof wat **eenmaal** aan die heiliges oorgelewer is”, omdat misleide mense oor die eeue heen probeer het om God se “genade” te verander in “ongebondenheid” – in 'n soort toestemming om **ongehoorsaam** te wees aan God se geestelike Wet en die duidelike leringe van Jesus Christus!

So, wat **is** dit wat ons glo?

Ons by *Die Wêreld van Môre* glo dat God ons **beveel** het om terug te keer na die *oorspronklike* Christenskap van Jesus en die Apostels. Ons is ernstig verbind daartoe om die “Christenskap van die Apostels” te hervestig – deur te leef volgens die *eerste-eeuse Christenskap* van die vroeë Kerk van God, wat later deur vals leraars omvergewerp is. Ons is daartoe verbind om die **leefwyse** te onderrig wat konsekwent deur Jesus Christus onderrig is. Onthou, dit was Christus wat aan die jong man wat navraag gedoen het oor hoe om die ewige lewe te beërwe, gesê het: “Maar as jy in die lewe wil ingaan, **onderhou die gebooië**” (Mattheus 19:17).

Ons probeer – deur Christus in ons – om daardie **hele leefwyse** deel te maak van elke aspek van ons bestaan! Ons glo, soos Jesus leer, dat ons **al tien** van die Tien Gebooië moet gehoorsaam. Ons glo dat dit **slegs** gedoen kan word deur Jesus Christus wat Sy lewe binne-in ons leef deur die Heilige Gees. Deur Hom, probeer ons **toeneem** in liefde en gehoorsaamheid aan ons Vader in die hemel en ook om toe te neem in **liefde** en **spontane besorgdheid** vir almal om ons.

My persoonlike gunstelingvers in die Bybel is Galasiërs 2:20, waar Paulus skryf: “Ek is met Christus

gekruisig, en ék leef nie meer nie, maar Christus leef in my. En wat ek nou in die vlees lewe, leef ek deur die geloof in die Seun van God wat my liefgehad het en Homself vir my oorgegee het". Hierdie vers *som* ware Bybelse Christenskap beter *op* as enige ander vers en dit tipeer die benadering tot die Waarheid waarin ons glo.

Soos Jesus sê: "En julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vrymaak" (Johannes 8:32). As dit werklik toegepas word – soos *die Bybel opdrag gee* – sal ware Christenskap die hele wêreld vrywaar van oorlog, verkragting en geweld, van diefstal en oneerlikheid, van owerspel en gebroke huisgesinne – en dit sal weer tot gevolg hê dat moderne belydende Christelike nasies daarvan gevrywaar sal wees om tallose **miljarde** dollars in belasting en ander uitgawes te vermors sodat ons die bogenoemde **sondes** van die mensdom kan "bekostig"! Ons belasting sal **verminder** en ons jong manne en vroue sal **nooit** nodig hê om oorlog toe te gaan nie. Daar sal *geen behoefte* wees vir slotte aan ons deure, vir polisie en sekerheidswagte of vir 'n menigte ander beskermingsmaatreëls nie.

Benewens dit alles, sal die hele wêreld 'n ongeëwenaarde innerlike vrede en *vreugde* ervaar. Dit word "die vrede van God, wat alle verstand te bowe gaan" (Filippense 4:7) genoem. Met kinders wat grootword in liefdevolle en stabiele huise – met 'n hele gemeenskap wat probeer om hul Skepper en Sy wonderlike geestelike wette *te dien* en te **gehoorsaam** – sal die aarde gevul wees met 'n diepe gevoel van *verwesening* en *geluk* – groter as enigiets wat ons nog ooit ervaar het.

Is ons besig om te droom?

Is dit alles 'n onpraktiese "droom"? **Hoegenaamd nie!** Dit is *presies* wat u Bybel voorspel toestande in Die Wêreld van Môre gaan wees! Dit is die *verwesening* van die "Ewangelie" – die goeie nuus van die Koninkryk van God – die goeie nuus van Jesus Christus se toekomstige heerskappy

hier op aarde (Openbaring 11:15). Soos Jesaja voorspel: "Hulle sal geen kwaad doen of verderf aanrig op my hele heilige berg nie; want die aarde sal vol wees van die kennis van die HERE soos die waters die seebodem oordek" (Jesaja 11:9). En: "In plaas van julle skande ontvang julle 'n dubbele deel; en in plaas van die smaad sal hulle **jubel** oor hul deel. Daarom sal hulle in hul land 'n dubbele deel in besit neem, ewige **vreugde geniet**" (Jesaja 61:7).

Ons by die *Wêreld van Môre* verkondig en publiseer met dank die boodskap van Christus se offergawe vir ons sondes, die goeie nuus dat ons sondes totaal **vergewe** kan word deur Jesus se dood aan die kruis! Maar ons verkondig **ook** ywerig die goeie nuus van Christus se Wederkoms as Koning van konings en van Sy glorieryke heerskappy oor die ganse aarde. Dit is met entoesiasme dat ons *ons aandeel* in daardie komende Koninkryk voorsien, wanneer die ware heiliges *Christus* as konings en priesters gaan *bystaan* om hierdie wêreld te herorganiseer, te onderrig en **te regeer**. God se geïnspireerde Woord verkondig dat Hy ons – *in Sy groot plan* – "konings en priesters vir onse God gemaak [het], en ons sal as konings **op die aarde** heers" (Openbaring 5:10).

Die deurslaggewende faktor is of u werklik die Bybel **glo** al dan *nie!* Ons verkies om na God en Sy geïnspireerde Woord te kyk as die *beslissende gesag* in ons lewens.

Dan streef ons deur Sy Gees daarna om in hierdie lewe te *leef* volgens elke woord van God en ons sien gretig uit na Sy ingryping in mensesake en die komende Koninkryk van die Wêreld van Môre. Ons weet dat dit die "donkerste sal wees net voor dagbreek." Omdat ons Sy *gehoorsame* dienaars is, het God ons werklike *insig* gegee in baie spesifieke Bybelprofesieë oor die nabye toekoms, wat ons met dié van u wat verstaan, deel. U Bybel sê: "Want die getuienis van Jesus is die gees van die profesie" (Openbaring 19:10). Dit is ons plig om u te help om die **ontsagwekkende** profetiese gebeure te verstaan wat gaan plaasvind namate ons die **einde** van hierdie tydvak nader! Daarbenewens, sien ons met afwagting uit na die Wêreld van Môre en die geleentheid om **miljarde** van ons medemense gedurende die komende Millennium te onderrig en te dien.

Jesus het die traumatiese gebeure wat voorlê beskryf toe Hy aan Sy dienaars gesê het: "En as hierdie dinge begin gebeur, *kyk dan na bo en hef julle hoofde op, omdat julle verlossing naby is*" (Lukas 21:28). Ons moedig u almal dus aan om God te *dank* vir die vergifnis wat Hy moontlik gemaak het deur die offergawe van Jesus Christus. Ons moedig u aan om verheug te wees oor die wete dat Jesus Christus *Sy lewe* in ware Christene sal **leef** deur die krag van die Heilige Gees. Ons moedig u aan om entoesiasies voor te berei vir die komende Koninkryk van God – 'n tyd van ware *vrede* en *vreugde* op hierdie aarde.

Dit is wie ons is. **Dit** is *waarvoor* ons werklik *staan!*

—Roderick C. Meredith

Vervolg vanaf bladsy 2 – Persoonlik

Babiloniese Ryk, dan die Ryk van die Mede en Perse, dan die Grieks-Macedoniese of Hellenistiese Ryk van Alexander die Grote en dan uiteindelik die Romeinse Ryk wat vir honderde jare voortgeduur het *nadat* Daniël hierdie geïnspireerde profesieë gemaak het. Slegs die groot **Skeppergod** kan sulke gebeure van enorme betekenis met soveel duidelikheid, soveel jare vooruit openbaar!

Nog een van die *baie* ander tekens van die Bybel se goddelike inspirasie, is dat Jesaja die groot Persiese Keiser, Kores, by naam noem lank voor Kores se geboorte! Let op: “So sê die HERE aan sy gesalfde, aan Kores, wie se regterhand Ek gevat het om nasies voor hom neer te werp, terwyl Ek die lendene van konings losgord; om voor hom deure oop te maak, en poorte sal nie gesluit bly nie” (Jesaja 45:1). Ongelowiges en sekulêre geskiedskrywers het lank met hierdie probleem geworstel! *Hoe* is dit moontlik dat God 'n heidense keiser so lank vooruit kan beskryf en selfs by “die naam” noem? Skrifgeleerdes erken algemeen dat Jesaja ongeveer in die jare 745 tot 695 v.C. geprofeteer het, *meer as 150 jaar voor die dae van Kores!* God het Jesaja nietemin geïnspireer om Kores by naam te noem, en te voorspel dat Kores 'n tempel sou “herbou” wat in Jesaja se tyd nog nie eens geval het nie (Jesaja 44:28)!

Vriende, hierdie Werk wat *Die Wêreld van Môre*-tydskrif publiseer, het in *ons tyd* herhaaldelik en *uitdruklik* letterlik *dosyne* groot gebeure beskryf wat reeds gebeur het, *wat besig is om te gebeur* of wat binnekort op die wêreldtoneel *gaan* gebeur! Ons in hierdie Werk het die val van die Berlynse muur beskryf, *lank voordat* dit gebeur het, aangesien ons 'n goeie begrip van Bybelprofesieë het. Ek het herhaaldelik gepreek en geskryf dat die belangrikste “seepoorte” (Genesis 22:17; 24:60) wat aanvanklik aan die Britse en Amerikaanse nasies behoort het, deur heidense nasies *weggeneem* gaan word as ons nasionale sondes voortduur. Nou is nog net twee van hierdie belangrikste poorte in ons besit. Ons het Singapoer en die straat van Malakka verloor. Ons het die Panamakanaal verloor, die Suezkanaal, die Bab el Mandeb en die straat van Hormoes. Ons het die Simonstad vlootbasis, wat die suidpunt van Suid-Afrika beheer, verloor. *Slegs* die Falkland-eilande en die straat van Gibraltar is

nog onder Britse beheer – en self hulle is die onderwerp van herhaalde uitdagings en twiste. Hoe lank sal dit nog duur totdat al hierdie seepoorte van die Engelssprekende nasies weggeneem gaan word?

Ons het herhaaldelik in hierdie tydskrif geskryf – soos ek persoonlik *vir dekades* gepreek het – dat Amerika en die nasies van Britse afkoms tot 'n val gebring gaan word, en dat hul trotse mag “verbreek” gaan word (Levitikus 26:19) tensy hulle tot diepsinnige *nasionale bekering* kom. Ons sien reeds dat die Britse Ryk *nie meer bestaan nie*. Ons sien dat die Amerikaanse dollar val. Ons sien dat Amerika en Brittanje met groeiende heftigheid deur toenemende miljoene mense regoor die wêreld gehaat word. Ons sien dat Amerika se energie ten volle in die Midde-Ooste en elders aangewend word, soveel so dat die VSA baie binnekort baie min sal oorbê – hetsy militêr of geldelik – waarmee hulle as groot wêreldmoondheid salkan voortgaan.

Wat gaan aan? Die antwoord word *duidelik* en dramaties onthul in ons besielende boekie, *Wat lê voor vir Amerika en Brittanje, asook Suid-Afrika?* Dit openbaar die Bybelprofesieë wat verduidelik wat deesdae in ons nasies besig is om te gebeur. Trek u die Bybel in twyfel, of wonder u waarom ander mense dit betwyfel? Indien wel, moet u 'n kopie van ons nuutste boekie, *Die Bybel: Feit of fiksie?* aanvra. Hierdie belangrike en insiggewende boekie sal u help om te verstaan en om die Satanistiese propaganda te weerstaan wat tans kop uitsteek om die Bybel in oneer te bring.

U het albei hierdie boekies nodig. Indien u dit nie reeds het nie, skakel of skryf gerus aan ons en vra u gratis kopieë aan. *Bestudeer* dit dan asseblief met 'n ontvanklike gemoed. Vra God vir *insig* en wees bereid om te **reageer** op die waarheid van hoe die groot Skepper Sy doel hier op aarde uitwerk – en dat die Bybel Sy *geïnspireerde* openbaring aan die mensdom is! Lees asseblief ook my artikel op bladsy drie van hierdie uitgawe, wat beskryf hoe die Bybel werklik *bedoel* wat dit sê, want *u*, persoonlik, moenie net weet wat die Waarheid is nie, u moet **reageer** op die Waarheid en die doel waarvoor u geskape is, volbring!

